basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V2

## NOVEMBER 2025

**PUNTE: 80**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 31 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op bladsy 4 en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy bestudeer het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy bestudeer het en kies die soort vraag wat jy wil beantwoord.

3. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gedigte (30)
   AFDELING B: Roman (25)
   AFDELING C: Drama (25)

4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE in AFDELING A, EEN in AFDELING B en EEN in AFDELING C.

   AFDELING A: GEDIGTE
   Gesiene gedigte – Beantwoord TWEE vrae.
   Ongesiene gedig – Beantwoord die VERPLIGTE vraag.

   AFDELING B: ROMAN
   Beantwoord EEN vraag.

   AFDELING C: DRAMA
   Beantwoord EEN vraag.

5. KEUSE VAN VRAE BY AFDELING B (ROMAN) EN AFDELING C (DRAMA**)**

   - Beantwoord SLEGS die vrae oor die roman en drama wat jy bestudeer het.
   - Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG. As jy die opstelvraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in AFDELING C beantwoord. As jy die kontekstuele vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die opstelvraag in AFDELING C beantwoord. Gebruik die kontrolelys op bladsy 5 om jou te help.

6. LENGTE VAN ANTWOORDE

   - Die lengte van die opstel vir die gedig is 250 tot 300 woorde.
   - Die lengte van die opstel vir die roman en drama is 400 tot 450 woorde elk.
   - Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word deur die puntetoekenning van elke vraag bepaal. Beantwoord jou vrae bondig en relevant.

7. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

10. Voorgestelde tydsindeling:

    AFDELING A: ongeveer 40 minute
    AFDELING B: ongeveer 55 minute
    AFDELING C: ongeveer 55 minute

11. Skryf netjies en leesbaar.

**INHOUDSOPGAWE**

**AFDELING A: GEDIGTE**

**Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.**

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PUNTE | BLADSY |
|---|---|---|---|
| 1. "27 april 1994" | Opstelvraag | 10 | 6 |
| 2. "Briefie aan Madiba" | Kontekstuele vraag | 10 | 7 |
| 3. " 'n Paternoster vir Suid-Afrika" | Kontekstuele vraag | 10 | 9 |
| 4. "Suiwer wiskunde" | Kontekstuele vraag | 10 | 11 |

**EN**

**Ongesiene gedig: Verpligtend**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5. "Ek is my ma se kind" | Kontekstuele vraag | 10 | 12 |

**AFDELING B: ROMAN**

**Beantwoord EEN vraag.***

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6. *Onderwêreld* | Opstelvraag | 25 | 13 |
| 7. *Onderwêreld* | Kontekstuele vraag | 25 | 13 |
| 8. *Manaka Plek van die Horings* | Opstelvraag | 25 | 16 |
| 9. *Manaka Plek van die Horings* | Kontekstuele vraag | 25 | 16 |
| 10. *Vatmaar* | Opstelvraag | 25 | 19 |
| 11. *Vatmaar* | Kontekstuele vraag | 25 | 19 |
| 12. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Opstelvraag | 25 | 22 |
| 13. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Kontekstuele vraag | 25 | 22 |

**AFDELING C: DRAMA**

**Beantwoord EEN vraag.***

| | | | |
|---|---|---|---|
| 14. *Krismis van Map Jacobs* | Opstelvraag | 25 | 25 |
| 15. *Krismis van Map Jacobs* | Kontekstuele vraag | 25 | 25 |
| 16. *Mis* | Opstelvraag | 25 | 29 |
| 17. *Mis* | Kontekstuele vraag | 25 | 29 |

***LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

**KONTROLELYS**

Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy die korrekte getal vrae beantwoord het.

| AFDELING | VRAAGNOMMER | GETAL VRAE BEANTWOORD | MERK (✓) |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte (Voorgeskrewe gedigte) | 1–4 | 2 | |
| A: Gedigte (Ongesiene gedig) | 5 | 1 | |
| B: Roman (Opstel of kontekstueel) | 6–13 | 1 | |
| C: Drama (Opstel of kontekstueel) | 14–17 | 1 | |
| **LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik. | | | |

## AFDELING A: GEDIGTE

## VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

### VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**27 april 1994 – Vincent Oliphant**

uiteindelik vou ek die verlede toe
knyp sy vlerke tussen duim en vinger vas
tot hy veilig deur 'n gleuf in die geskiedenis glip
en anderkant
wonderbaarlik
vry
die duif van vrede sy blou vlerke sprei

sodat my nuutgebore stem na woorde smag
om 'n lied vir my land
soos 'n vlag aan die tong te laat sweef
bo die geruislose val van skanse van die vel

sodat ek vry uit die vervreemding tree
om in die oë van vergetenes en langverlorenes
uiteindelik myself te kan sien
soos iemand wat ek nooit geken het nie

om aan hulle die hand te gee
en te voel hoe vlees en vlees ontmoet

want een lyn van bloed loop deur die eeue
loop deur die ganse geskiedenis
loop deur elke uithoek van die land
loop deur my en loop deur jou
van Genesis tot nou

[Bron: *Die sagte vlees*, Tafelberg, 1998]

Die vryheidsgedagte wat in die gedig uitgelig word, word effektief deur middel van voor- en alleenplasing, halfrym en retoriese middele oorgedra.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 250 tot 300 woorde. **[10]**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Briefie aan Madiba – Sandra O'Kelly**

Liewe Madiba, ek skryf die vir jou.
Ek weet jy kry briefies soos my een aan jou.
Ons het nooit ontmoet nie, maar voordat jy groet.
Wil ek jou iets vra, dit is iets wat ek moet.

Gee my jou boeie, ek wil dit dra.
Die merke op jou hande, jou vrese jou vrae
Ek sal dit oppas, dit altyd bewaar.
Eendag met liefde aan my kinders oordra.

Liewe Madiba, jy sal van my hou.
Ek's lief vir my land en sy mense en sou
so graag wil kom kuier en net met jou praat.
Oor ditjies en datjies en goed uit my hart.

Gee my jou drome, ek wil dit sien.
Die prys so betaal om ander te dien.
Ek sal dit koester die wêreld sal weet.
Jou voorbeeld en liefde sal ons nooit vergeet.

Gee my jou ambag, ek wil dit leer.
Hoe 'n leier en koning sy mense kan eer.
Ek sal dit beoefen, ek sal dit ken.
Dis teerheid en liefde wat ander kan wen.

Gee my jou drome, ek wil dit sien.
Die prys so betaal om ander te dien.
Ek sal dit koester, die wêreld sal weet.
Jou voorbeeld en liefde sal ons nooit vergeet.

Liewe Madiba, ek skryf die vir jou.
Ek weet daar's baie briefies soos my een aan jou.
Ons het nooit ontmoet nie, maar voordat jy groet.
Wil ek jou iets vra, dit is iets wat ek moet.

[Bron: Sarah Theron se album *Terug na jou*, Select Musiek]

2.1 Benoem die strofebou EN die rymsoort wat deurgaans in die gedig gebruik word. Verduidelik in watter opsig die rymsoort effektief is. (3)

2.2 Die verkleinwoord in die titel impliseer 'n bepaalde stemming.

2.2.1 Watter gesprekstyl word deur die titel van die gedig opgeroep? (1)

2.2.2 Bewys met TWEE ander aspekte uit die gedig dat hierdie spesifieke gesprekstyl deurgaans in die gedig volgehou word. (2)

2.3 Die spreker vra drie vrae aan Madiba.

Watter EEN vraag word in die gedig as die belangrikste vraag uitgehef? Motiveer jou antwoord. (2)

2.4 Benoem die stylfiguur in versreël 5. (1)

2.5 Evalueer die effektiwiteit van versreëls 25 tot 28 as slot van die gedig. Motiveer jou antwoord. (1)
**[10]**

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**'n Paternoster vir Suid-Afrika – Lina Spies**

Here, laat die name geheilig word
van al die kinders van die land –

van hulle
wat modderkoekies gebak het uit sy aarde,
dassies skrikgemaak het in sy klowe,
wol getrap het in sy krale.

Ek het asemloos toegekyk:
swart bolywe geboë oor magtelose diere
en skerp skêre wat my laat wag het,
bang vir die glip-slag, die bloed, die pyn.
Maar die swart versigtige hande
het selde dieper as die wit geknip
en ek kon die lootjies uitdeel
want die arbeider was sy loon waardig
volgens die aantal wat hy vrygemaak het
om ligvoets teen die somerheuwels uit te wei.

Maar die bale is lankal toegewerk en weggestuur,
die wololie van my voete afgewas,
my bene nie meer lam getrap nie.

Vergewe ons, die vergeetagtiges, die uitgerustes,
soos ons hulle vergewe, die luidrugtiges
wat nooit binne die kraal was nie,
wat nooit rietperd gery
en kaalvoet geloop het nie,

en Here, sien ons hande aan:
Kyk, om my wit pols is 'n armband van gras;
my donker speelmaat het dit kunstig gevleg
soos ek nooit kon nie ...

Aan U behoort die land
en die son
en die skape van sy weiding

Gee ons liefdevolle hande, Heer,
en sny U self versigtig aan die belemmerende kleed
dat daar nie onnodig bloed verspil nie

en deel U self die lootjies uit

[Bron: *Digby Vergenoeg*, Human en Rousseau, 1971]

3.1 Watter woord in strofe 1 maak die gedig inklusief? (1)

3.2 Verwys na versreëls 7 tot 16.

Watter emosie by die spreker dra by tot die aanvanklike stemming in hierdie versreëls EN watter nuwe stemming word deur die woord "Maar" (versreël 11) ingelei? (2)

3.3 Die "ek" van versreël 7 het hom-/haarself nie as deel van die "hulle" (versreël 3) beskou nie.

Bewys aan die hand van versreëls 7 tot 19 EN versreëls 26 tot 28 dat dié stelling enersyds waar EN andersyds onwaar is. (2)

3.4 Verwys na versreël 25 en versreël 32.

Dink jy hier is sprake van progressie in die verwysing na "hande" in hierdie versreëls? Motiveer jou antwoord. (1)

3.5 Dink jy dat die slotreël van die gedig as gerusstellend of waarskuwend beskou kan word? Motiveer jou antwoord. (1)

3.6 Die gedig se titel skep die indruk dat hierdie gedig 'n gebed vir Suid-Afrika is.

Motiveer hierdie standpunt met verwysing na DRIE verskillende gebedsaspekte wat in die gedig na vore kom. (3)
**[10]**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Suiwer wiskunde – NP van Wyk Louw**

Die uurwerk kantel. En die ligbruin by
hang roerloos voor die blom wat nooit bevrug
word, nooit sal saadskiet, welk, en nooit verby
hierdie verstarde uur sal groei. Die lug

het stil soos ys gaan staan, so wit en blou.
Die brander wat wou oorbuig, val, en skuim,
bly in sy ligte sirkels vasgehou
en moet sy see 'n ewigheid versuim.

[Bron: *Nuwe Verse*, Tafelberg, 1954]

4.1 Die vraag wat in die gedig beantwoord word, is: Wat sou gebeur as tyd sou stilstaan?

Watter woord in versreël 1 veroorsaak die totstilstandkoming van tyd EN watter TWEE opeenvolgende woorde in versreël 2 dien as inleiding tot die gevolge daarvan in strofe 1? (2)

4.2 Evalueer die geslaagdheid van die kort eerste sin in versreël 1. Motiveer jou antwoord. (1)

4.3 Verwys na versreël 2 en 3.

Watter woorde sluit by die kringloop van lewe EN dood onderskeidelik aan? (2)

4.4 Benoem die beeldspraak wat in versreël 5 voorkom EN verduidelik dan watter halfrym die tempo in hierdie beeldspraak bewerkstellig. Waarom, dink jy, is dié spesifieke halfrym gepas? (3)

4.5 Watter ooreenkoms toon versreël 7 met die by se "hang roerloos" in versreël 2? (1)

4.6 Verwys na versreël 8.

Verduidelik in watter opsig hier sprake van 'n sikliese slot in die gedig is. (1)
**[10]**

**EN**

## ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Ek is my ma se kind – Danelle Jacobs**

Ek het my pa se oë,
maar ek sien die wêreld soos my ma dit sien.
Nege maande lank was haar baar my tuiste,
en nou, al 18 jaar lank, is my hart hare.
Ek sal volbors voor haar staan en haar beskerm teen enige seer,
want sy het kleintyds my bebloede knieë met sagte hande versorg.
Om te dink, daar was 'n tyd toe ek nie my ma kon verdra nie,
maar die Here weet, ek verstaan dit nou:
my ma was ook eens 'n dogtertjie,
en die wêreld het ook haar groen oë laat lek.
Sy was ook seergemaak
en sy wil net seker maak
dat ek nie dieselfde deurmaak nie.
Sy het vir my die vrede geskep wat sy nooit kon vind nie.
Ek het my pa se oë,
maar ek is my ma se kind.

[Bron: *POORT,* 2024]

5.1 Skryf 'n woord uit versreël 2 neer wat deur herhaling beklemtoon word EN verduidelik die progressie vanaf letterlike tot figuurlike betekenis in versreël 1 en 2. (2)

5.2 Watter funksie verrig die beskrywende woorde in versreël 6? Haal 'n versreël aan wat die doel agter die ma se opvoeding uitspel EN dui aan in watter opsig die ma se grootwordjare van die spreker s'n verskil. (3)

5.3 Watter aktuele kwessie ten opsigte van tieners word in versreël 7 aangeraak? (1)

5.4 Benoem die beeldspraak in versreël 10. Dink jy hierdie beeld is effektief? Motiveer jou antwoord. (2)

5.5 Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer en letter neer, bv. 5.5 E.

Deur middel van watter retoriese middel word die woord "maar" in die gedig beklemtoon?

A Herhaling
B Voorplasing
C Personifikasie
D Vergelyking (1)

5.6 Watter afleiding oor die spreker se verhouding met haar pa kan volgens versreël 15 en 16 gemaak word? (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

### *ONDERWÊRELD* – Fanie Viljoen

Beantwoord ÓF VRAAG 6 (opstelvraag) ÓF VRAAG 7 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 6: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG

Die hoofkarakter in die roman word deur middel van INNERLIKE en UITERLIKE KONFLIK gekarakteriseer.

Bespreek in 'n opstel van 400 tot 450 woorde hoe Greg se innerlike konflik tot sy geloofwaardigheid as hoofkarakter bydra EN hoe uiterlike konflik sy toenemende vasgevangenheid uitbeeld. **[25]**

### VRAAG 7: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS A

Dis die dag ná ek gesien het hoe Eckardt die reisagent se systems hack. En die eerste oggend dat Eckardt my kom wakker maak.

"Terwyl Zeus, die heerser van Olimpus, slapend gevou lê in Hipnos se vlerke, strand sy seun, Herakles, se skip vandag weer op Kos," sê hy toe hy aan die deur klop.

"Wat de hel?" vra ek deur die slaap.

"Never mind. Roer jou gat en staan op," antwoord hy.

Ek maak een oog oop, lig myself op my elmboë. Eckardt is in sy oefenklere. Sweet glim op sy lyf. "Is jy simpel? Het jy al gaan draf?" vra ek.

"Altyd. Enigste tyd om helder te dink, so vroeg in die môre. Toe, roer jou, dis byna tyd vir brekfis."

Die dag sleep om. Pouse moet ek, in opdrag van Dok, die VRL aanvat oor hul "betreurenswaardige dissipline". Meneer Andersen daag halfpad deur die vergadering op. Spioeneer op ons, asof ons dit nie weet nie.

"Wil meneer nog iets byvoeg?" vra ek toe ek klaar my preek afgesteek het.

Hy skud sy kop en loop.

"Good show," sê Kwanele toe hy ook loop, sy houding uitdagend. Ek gluur hom agterna.

Ek kry vir Eckardt op pad na die Engelsklas. "Jy onthou nog van jou belofte van gisteraand, nè!" herinner ek hom.

7.1 Verwys na reël 1 en 2.

Wat wil Eckardt op hierdie stadium van die roman bereik as hy vir Greg wys dat hy 'n reisagentskap se systems kan hack EN wat is sy uiteindelike doel agter die oënskynlik onskuldige kuberkraakaktiwiteite? (2)

7.2 Verwys na Eckardt se groetwoorde in reël 3 en 4.

Verduidelik hoe Eckardt se woorde "slapend gevou lê" letterlik EN figuurlik op Greg op hierdie stadium van die roman van toepassing is. In watter opsig kan die mitologiese naam "Zeus" enersyds na Greg self en andersyds na Greg se pa verwys? (4)

7.3 Verwys na reël 8.

Dink jy Greg se reaksie op mnr. Andersen se vraag aan hom die dag voor die skool geopen het, was die waarheid teen die agtergrond van sy reaksie op Eckardt se drawwery? Motiveer jou antwoord. Noem nog TWEE aspekte van Eckardt as karakter wat hom van die ander matriekleerders onderskei. (3)

7.4 Verwys na reëls 11 tot 13.

In watter opsig is Greg se woorde oor die opdrag: "Pouse moet ek, in opdrag van Dok," selfkarakteriserend? Dui Greg se agterdog teenoor mnr. Andersen op 'n probleem wat Greg met gesagsfigure het? Motiveer jou antwoord deur na TWEE ander botsings met gesagsfigure te verwys. (3)

**EN**

**TEKS B**

Ek is vrek bang, maar ek weet ek moet die een of ander tyd huis toe bel. Ek sit seker 'n halfuur lank met my selfoon in my hand, my ma se nommer op die skerm, maar ek druk nie die groen knoppie om die konneksie te maak nie. My hand bewe. My hart ook. Ek wil my ma nie teleurstel nie. Sy het soveel hoop vir my; 'n anderste hoop as my pa.

Maar uiteindelik het ek geen keuse nie. Kry dit net agter die rug, Greg.

"Hallo, Ma?"

Ek begin haar vertel van Eckardt, dat hy 'n hacker is, dat hy my geleer het. Van die polisie wat my laptop gevat het. Ek bly stil oor Dok en die goed wat ek oor hom uitgevind het.

Ná 'n diep asemteug voeg ek by: "Ma, hulle dink ek het iets met Eckardt se verdwyning uit te waai."

My ma struikel oor haar eie woorde. Ek kan die vrees in haar stem hoor. "Maar jy sou mos nie ..."

"Natuurlik nie, Ma."

"Hy was dan jou vriend ..."

"Ma moenie vir Pa vertel nie, asseblief. Nie nou nie. Laat ek eers kyk wat ek kan doen."

"Maar wat kán jy doen Greg? Laat ek ten minste Pa se prokureur bel."

"Ma, nee. Ek sê mos, nie nou nie. Ek wil eers iets try."

"Wat, Greg?"

"Net iets, Ma."

"Greg, hulle kan jou uit die VRL skop. Jou uit die skool skors." My ma se stem word sagter. Banger. "Wat ... wat gaan jou pa hiervan sê?"

7.5 "Sy het soveel hoop vir my; 'n anderste hoop as my pa." (Reël 4)

In watter opsig is John se selfdood verantwoordelik vir die verskillende "hoop" wat Greg se ma EN sy pa onderskeidelik vir hom het? (2)

7.6 "Kry dit net agter die rug, Greg." (Reël 5)

Hoekom kan Greg se woorde aan homself as ironies beskou word teen die agtergrond van sy reaksie op sy pa se kwetsende woorde aan hom die aand voor hy terug Lawson Kollege toe sou gaan vir sy matriekjaar? (1)

7.7 Verwys na reël 8 en 9: "Ek bly stil oor Dok en die goed wat ek oor hom uitgevind het."

7.7.1 Wat het Greg oor Dok Pienaar uitgevind? Noem DRIE feite. (3)

7.7.2 Watter inligting sou Greg se ma op hierdie stadium van die roman met hom kon deel indien hy haar wel van sy vermoedens oor Dok Pienaar vertel het? Dink jy Greg sou anders opgetree het na hierdie telefoongesprek indien hy van al die inligting bewus was? Motiveer jou antwoord. (2)

7.8 "Ma moenie vir Pa vertel nie, asseblief." (Reël 16)

In watter opsig eggo hierdie woorde iets van die rede agter Eckardt se sosiale manipulering van Greg? (1)

7.9 "Greg, hulle kan jou uit die VRL skop. Jou uit die skool skors." (Reël 21)

Hoe verskil Greg se ma se woorde tydens dié telefoongesprek van haar reaksie wanneer sy later in die roman vir Greg by die polisiestasie kom oplaai? Dink jy dit is geregverdig dat sy later in die roman so heeltemal anders reageer? Motiveer jou antwoord. (2)

7.10 Herlees die volgende reëls:

TEKS A (reël 17 en 18): "Ek kry vir Eckardt op pad na die Engelsklas. 'Jy onthou nog van jou belofte van gisteraand, nè!' herinner ek hom."
TEKS B (reël 7): "Ek begin haar vertel van Eckardt, dat hy 'n hacker is, dat hy my geleer het."

Watter betekenistoepassing van die roman se titel kom hier na vore EN in watter opsig bestaan 'n oorsaak-en-gevolg-verband tussen hierdie twee teksgedeeltes? (2)
**[25]**

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

Beantwoord ÓF VRAAG 8 (opstelvraag) ÓF VRAAG 9 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG**

Die hoofkarakter in die roman word deur middel van INNERLIKE en UITERLIKE KONFLIK gekarakteriseer.

Bespreek in 'n opstel van 400 tot 450 woorde hoe Baas se innerlike konflik tot sy geloofwaardigheid as hoofkarakter bydra EN hoe uiterlike konflik sy toenemende gevoel van magteloosheid versterk. **[25]**

**VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS C**

"Yessa!" skreeu hy in die rigting van die worsboom. Hy klap vir Baas hande. Sy bene hoepel teen die bult af.

"Kwê ..." toets die kwêvoël in die jakkalsbessie die atmosfeer.

"Ek sal baie graag vir jou 'n gebed wil doen, neef."

"Vir mý?"

"Daar kom 'n tyd in elke mens se lewe dat hy dit nodig het."

"Ag nee, wat, so erg is dit nie. Maar baie dankie vir die gedagte." Baas sien die skoene van hom af wegdraai.

"Muluti Malila huil oor jou," hoor hy Grace sê.

"Miskien huil hy oor homself." Baas roer nie. Hy kantel sy kop en maak weer sy oë toe.

"As 'n mens oor iemand anders huil, dan huil jy eintlik oor jouself ook." Grace klim van die bak af.

Die moerasfiskale roep. "Priscilla en Akwilla ..." sê sy. "Dis die name wat ek vir daardie twee voëls gegee het. Dit was toe jy siek was, in die tyd toe ek in jou huis gesit en wag het dat jy jou oë moet oopmaak. Dis 'n goeie naam vir hulle. Hulle is nooit ver van mekaar af nie."

Die moerasfiskale hou op roep. Die kinders se gejil bedaar. Van die worsboom se kant af kom kitaarklanke. 'n Heldersoet stem begin uit die note vloei. "Amazing grace, how sweet the sound, that saved a wretch like me," sing Nanna. "I once was lost but now I'm found, was blind but now I see."

Die naarheid stoot in Baas se keel op.

9.1 Wie is dit wat vir Baas hande klap en dan teen die bult af "hoepel"? (1)

9.2 Verwys na reël 4: "Ek sal baie graag vir jou 'n gebed wil doen, neef."

Waarom sou die leser kon dink dat muluti Malila vir Baas móét bid? Noem TWEE sake. Watter ander TWEE mense het ook beleef dat Baas hulle van hom wegstoot toe hulle oor geloof wil praat? (4)

9.3 Wat, dink jy, kan as oorsaak vir Baas se sinisme oor geloof beskou word? Gee TWEE feite. (2)

9.4 Verwys na reëls 14 tot 17.

Waarom raak Grace by Baas se lewe betrokke EN op watter TWEE maniere vergemaklik sy Baas se lewe ná die koms van die sendelinge? (3)

9.5 Verwys na reël 18: "Die moerasfiskale hou op roep."

Bespreek TWEE funksies wat die feit dat die moerasfiskale ophou roep, binne die konteks van die teks het. (2)

9.6 In watter opsig, dink jy, kan die lied *Amazing Grace*, wat as herhalende motief in die roman voorkom, enersyds as 'n beskuldiging EN andersyds as 'n waarskuwing beskou word? Watter emosie wat deur die lied opgeroep word, veroorsaak die "naarheid" (reël 22)? (3)

**EN**

**TEKS D**

"Howzit?" Whitey klim af, 'n bottel brandewyn in die een hand en 'n outydse geweer in die ander. "Gehoor jy het na my kom soek daar by my kamp. Toe dink ek ek sal maar kom kyk hoe dit gaan. Jy het nie dalk water wat 'n mens hier kan bygooi nie?" Hy gee die bottel vir Baas.

"Yes, Gracie," groet hy.

Grace vryf haar hande teen mekaar en knik haar knieë.

"Gaan jy vir jou kombuiskaste insit?" Baas wys na die planke.

"Eendag ... Miskien ... As ek 'n kombuis het. Hierdie is joune. Jy het daardie dag gesê jy wil bankies bou. Ek het sommer stutpaaltjies ook saamgebring."

Hulle sit die gewere neer, maak die drade los waarmee die planke aan die trekker vasgewoel is en pak dit onder die seil by die werkswinkel. Baas nooi Whitey slaaprondawel toe, steek die paraffienlampie aan en bêre sy geweer. Grace kom in met twee bekers.

"Nou moet julle besluit. Ek stel voor julle gebruik die bekers vir koffie," sê sy.

"Jy weet mos ek hou nie van koffie nie en koffie hou nie van my nie."

Whitey sit sy geweer op die bed neer. Grace los die bekers langs die foto's op die swart trommel en gaan uit om water te gaan haal.

"Ek gooi dop," sê Whitey. "Wat van jou?"

"Nie nou nie, dankie." Baas tel die geweer op en bekyk dit.

"Agtponder." Whitey gaan sit op die groen trommel.

Baas se oë dwaal verby die man in die blou oorpak na die portret teen die muur.

9.7 Verwys na reëls 1 tot 4.

Verduidelik in watter opsig Whitey se aankoms op Manaka selfkarakteriserend is. Hoe skakel hierdie optrede met Baas se eerste ontmoeting met Whitey? (2)

9.8 Verwys na reël 8 en 9: "Jy het daardie dag gesê jy wil bankies bou."

Waarom is dit ironies dat Baas op daardie stadium van die roman al die indruk geskep het dat hy die bankies onder die worsboom wil herbou? (1)

9.9 Daar word telkens na gewere in hierdie teks verwys.

Watter belangrike rol speel Baas EN Whitey se gewere ten opsigte van hulle twee se verbintenis met mekaar? In watter opsig was Baas se geweer instrumenteel tot sy koms na Manaka EN hoe skakel dit met die naam van die roman? (3)

9.10 Wie se portret hang in Baas se woonplek teen die muur? Dink jy dit is geregverdig dat dié portret daar hang en nie een van sy ouers nie? Motiveer jou antwoord. (2)

9.11 Herlees die volgende reëls:

TEKS C (reël 10 en 11): " 'Miskien huil hy oor homself.' Baas roer nie. Hy kantel sy kop en maak weer sy oë toe."
TEKS D (reël 15): "Jy weet mos ek hou nie van koffie nie en koffie hou nie van my nie."

Oor watter verwytende woorde van Baas ten opsigte van waarom hy nie die Lozi-mense wil help nie, het Grace rede om nie net oor hom te huil nie, maar ook oor haarself? Dink jy Whitey help Baas om tot ander insigte ten opsigte hiervan te kom? Motiveer jou antwoord. (2)
**[25]**

## *VATMAAR* – AHM Scholtz

Beantwoord ÓF VRAAG 10 (opstelvraag) ÓF VRAAG 11 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG

In die roman, *Vatmaar*, slaag Kenneth Kleinhans daarin om, ten spyte van sy eie innerlike konflik, 'n positiewe verskil in die mense om hom se lewens te maak.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

### VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS E

Die telefoonpale was al tot amper by die kliniek en die mense het gesê: Nog twee weke en Vatmaar is met die Pan gekonnek.

Die sokkerveld is eerste ingewy.

Dit was 'n trotse Kenneth Kleinhans wat daardie Saterdagmiddag – met die hele Vatmaar wat om die sokkerveld staan – die bal van Boitjie Afrika gekry het om op die middellyn te gaan stel.

Toe hy terugstap, laat Teacher Elsa haar sakdoek val, iets wat min mense in Vatmaar gedra het. Kenny tel dit op, waai die stof uit en gee dit vir haar.

Kenny met sy gebroke hart gee dit vir haar en sê: Your handkerchief, lady. Die woorde knel haar, sy word warm. Maar hierdie Elsa se begeerte, haar diepste wense – dit is die man vir my – kon hom nie aantas nie.

Die Vatmaar Sunbeam-sokkerspan het teen Du Toitspan Wanderers se B-span gespeel en hulle een-nul gewen. Daarna was Vatmaar nooit weer dieselfde nie. Na die tyd was die aankykers moeër as die spelers want die meeste van hulle het saam met hulle se span en die bal op en af langs die veld gehardloop. Party oupas het na 'n kamma bal geskop elke keer as een van Vatmaar se spelers op die veld na die bal skop.

Na die wedstryd is baie dinge afgepraat, soos lat die fluitjieman so grênd was.

Suzan wat ook gaan kyk het, het vir Nellie Ndola gekry toe sy met die paaitjie terugstap. Sy het vinnig rondgekyk of sy nie vir Tommy Lewis sien nie.

11.1 Wat was die naam van die kliniek EN wat wou Kenneth Kleinhans met die bou van die kliniek bereik? (2)

11.2 Verwys na reëls 4 tot 6.

11.2.1 Is dit geregverdig om op grond van hierdie gedeelte af te lei dat die mense van Vatmaar nie vir Kenneth as 'n buitestander beskou het nie? Motiveer jou antwoord deur na TWEE ander geleenthede te verwys waartydens die mense van Vatmaar hulle houding oor Kenneth duidelik getoon het. (2)

11.2.2 In watter opsigte het Boitjie Afrika, Kenneth Kleinhans en Ou Chetty onderskeidelik saamgewerk om die eerste sokkerwedstryd van Vatmaar te verwesenlik? Verwys in jou antwoord na AL DRIE karakters se bydrae in dié verband. (3)

11.3 Dink jy dat Boitjie Afrika namate die roman vorder karakterontwikkeling ondergaan? Motiveer jou antwoord met TWEE feite. (2)

11.4 Verwys na reël 8.

In watter opsig is Kenneth se optrede in dié situasie selfkarakteriserend? (1)

11.5 Verwys na Teacher Elsa se gedagtes in reël 10 en 11.

Hoekom is hierdie gedagtes ironies teen die agtergrond van haar houding teenoor Nellie Ndola vroeër in die roman? (1)

11.6 Verwys na reël 19.

Wat word geïmpliseer deur die feit dat Suzan vinnig rondkyk of sy nie vir Tommy Lewis sien nie? In watter opsig het Tommy enersyds Nellie Ndola EN andersyds Nono se hart gebreek? (3)

**EN**

**TEKS F**

Die Du Toitspan-hospitaal het 'n brief vir die dorpsraad geskryf waarin hulle sê hulle sal een of twee keer 'n week 'n verpleegster Vatmaar toe kan stuur, op een voorwaarde: Die dorpsraad moet betaal vir die transport, of dit nou 'n kapkar of 'n mouterkar is. Net vir 'n bicycle of 'n gewone perdekar hoef hulle nie te betaal nie.

Die dorpsraad het die hospitaal-superintendent bedank en die voorwaarde aanvaar.

Dit was weer 'n plesierige Mister Burns wat vir Kenny kom sê het: Here is the letter from the town council. The clinic will be opened, not this Saturday but the next. Get ready for the celebration, for there is a time to mourn and a time to be merry.

Kenny vra toe die domanie om op die agenda van die diens te sit dat die kliniek die volgende Saterdag deur die burgermeester van die Pan en sy raadslede oop verklaar sal word, en dat hulle baie bly sal wees as die hele Vatmaar na die feesvieringe kan kom.

Kenny het vir Sus Bet geld gegee en haar gevra om die beste khadie te maak wat sy nog ooit gemaak het. Sy het gesê: Op een voorwaarde, dat Vatmaar se mense nie van die khadie drink nie. Laat dit net vir die mense van die Pan wees.

Fair enough, sê Kenny.

Ek verwag dat jy dit so sal hou, het Sus Bet gesê.

Die gemmerbier sou deur Nurse-sister Gous gemaak word, en sy moes ook sorg vir genoeg vier-gelling-paraffienblikke vir die bier.

11.7 Verwys na die brief in reël 1.

Watter ander brief het die mense van Vatmaar in die beginjare van Vatmaar ontvang wat nie só 'n positiewe trant gehad het nie? Watter positiewe uitkoms het dié teleurstelling destyds vir die mense van Vatmaar gehad? (2)

11.8 Op watter TWEE tasbare wyses het Mister Burns sy goedkeuring oor die kliniek vir Vatmaar getoon? (2)

11.9 Verwys na reëls 14 tot 17.

Dink jy Sus Bet kan van vooroordeel teenoor die mense van Vatmaar beskuldig word op grond van die feit dat sy vooraf dié voorwaarde gestel het? Motiveer jou antwoord deur na die motief agter die voorwaarde te verwys. (1)

11.10 Watter VIER uitstaande eienskappe van Sus Bet kom in haar optrede tydens hierdie feesvieringe na vore? (4)

11.11 Watter verwagting word geskep deur die feit dat juis Nurse-sister Gous die gemmerbier vir die feesvieringe sou maak? (1)

11.12 Herlees die volgende reëls:

TEKS E (reël 9): "Kenny met sy gebroke hart gee dit vir haar en sê: 'Your handkerchief, lady.' "
TEKS F (reël 7 en 8): "Get ready for the celebration, for there is a time to mourn and a time to be merry."

In watter opsig sou die opening van die kliniek 'n einde aan Kenneth se gebroke hart kon bring? (1)

**[25]**

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

Beantwoord ÓF VRAAG 12 (opstelvraag) ÓF VRAAG 13 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 12: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG**

Die hoofkarakter in die roman word deur middel van INNERLIKE en UITERLIKE KONFLIK gekarakteriseer.

Bespreek in 'n opstel van 400 tot 450 woorde hoe Iris se innerlike konflik bydra tot haar geloofwaardigheid as hoofkarakter EN hoe uiterlike konflik tot karaktergroei lei. **[25]**

**VRAAG 13: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS G**

"Het Ma gehoor wat ek gesê het?"

"Ja, darling." Sy het die bakkie vet vinnig in die yskas gesit asof die verwerking daarvan nou die yskas se verantwoordelikheid is. "Ek weet Pa is op 'n dieet."

"Nie dit nie. Van my naam."

Sy het haar hande gewas en die hardevet onder haar naels uitgekrap. "Natuurlik het ek gehoor."

"Dis mooi, nè?"

"Pragtig," het sy saamgestem en haar tong geklik toe sy agterkom die boud is wel in die oond, maar die oond is nog nie aangeskakel nie. "So 'n mooi blom. Ek vind dit so jammer dat hulle net in die lente blom."

Dis wat ek bedoel. Sy het my nie gehoor nie. Ek het haar maar gehelp aartappels skil. "Dis so," het ek gesê. "Net een keer per jaar."

My ma, wie se naam ook Elsa was, maar wat deur almal Els genoem is, het nooit daarin geslaag om die wêreld in haar hand vas te vat nie. Sy was soos iemand wat 'n bus verpas het en nie daarby kon berus nie. Haar hele lewe lank al hardloop sy agter die bus aan in die hoop dat sy hom gaan inhaal nes hy stadiger om 'n draai ry. Sy was nie die soort mens wat by die volgende halte sou gaan sit en wag op die volgende bus nie. Nog minder was sy die soort wat voluit gehardloop het. Nee, sy het op 'n ligte drafstappie beweeg, net effe uitasem, een en al stralende optimisme dat sy die bus wel gaan inhaal.

13.1 Na watter inligting rakende haar naam verwys Iris in reël 1? (1)

13.2 "Sy het die bakkie vet vinnig in die yskas gesit asof die verwerking daarvan nou die yskas se verantwoordelikheid is." (Reël 2 en 3)

Hoe, dink jy, dra dié inligting oor Iris se ma tot karakterisering van die ma by? Watter persoon dra daartoe by dat Iris 'n ander idee van ma-wees het? Motiveer jou antwoord. (2)

13.3 "So 'n mooi blom. Ek vind dit so jammer dat hulle net in die lente blom." (Reël 9 en 10)

In watter opsig was die ma se antwoord nie vir Iris verrassend nie? Dink jy hierdie woorde veroorsaak 'n wanpersepsie by Iris oor haar eie lewe? Motiveer jou antwoord met TWEE feite. (3)

13.4 Verwys na reëls 13 tot 15.

13.4.1 In watter opsig kan die ma nooit die wêreld in haar hand vasvat nie? Watter TWEE ooreenkomste toon Iris op hierdie stadium met haar ma? (3)

13.4.2 Johanna, Elsa en Kara is deel van die ma se wêreld. Hoe word hierdie drie vroue onderskeidelik deur middel van Iris se weergawes aan die leser gekarakteriseer? (3)

13.5 Verwys na reëls 16 tot 19.

In hierdie reëls word Iris se ma se onrustige geaardheid verwoord. Watter ma kry Iris later in haar lewe by EN waarom kom Iris goed met haar oor die weg? (2)

13.6 Waarom is Iris se beskrywing van haar ma in reël 15 en 16 ironies? (1)

**EN**

**TEKS H**

… "Sy bestuur 'n ysterwarewinkel en kan goed doen soos gebarste warmwatertenks regmaak. En sweis en alles."

"Waarom wil sy dan gif drink?" het die tannie gevra.

"Ek dink sy is ongelukkig oor haar verhouding met Brian," het ek gesê. "Ek dink nie dit het iets te doen met die besigheid nie, mevrou."

"Jy kan nie vir my mevrou sê nie," het sy gesê. "Een van die dae moet jy Ma sê. As die orrel begin speel. Noem my tant Ans."

"Goed," het ek gesê. "Tant Ans." Oor die orrelspel het ek nie uitgewei nie. As ek sou trou – en op daardie tydstip was selfs dit nog nie 'n uitgemaakte saak nie – sou dit vinnig en sonder ophef in 'n magistraatskantoor plaasvind.

"Hoekom wil dié Brian nie met haar trou nie?" het die oom gevra. "Watse nonsens is dit?"

"Dis 'n lang storie, oom. Hy het kinders."

"Wag nou, hart," het tant Ans gekeer. "Hulle was goed vir ons kind in die vreemde."

"Maar dis nonsens," het hy weer gesê. " 'n Mens trou of jy trou nie. Jy sit nie en kyk hoe die vrou dreig om haarself te vergiftig nie."

Ek het my appeltert geëet. Dit was heerlik en ek het probeer proe wat dit was wat die tannie bygesit het sodat ek vir Johanna kon vertel.

"Piet is darem nie so nie?" het die oom gevra.

"Nee, oom."

"Jy hou van hom?"

"Ja, oom."

Tant Ans het goedig gelag en haar dik grys hare van haar gesig gevee.

13.7 Verwys na reëls 1 tot 3.

13.7.1 Wie is die "sy" oor wie daar gepraat word EN in watter opsig het haar gifdrinkery vir Iris haar uiteindelike blomtyd laat beleef? (2)

13.7.2 Wat impliseer die tannie met haar vraag in reël 3? (1)

13.8 Verwys na reëls 8 tot 10.

Watter rolle het Iris se ma, Elsa, Kara en Johanna onderskeidelik in Iris se persepsie oor die huwelik gespeel? (4)

13.9 Verwys na die manier hoe Iris na Peter se ma en pa verwys (reël 6 en 7 asook reëls 19 tot 22).

Watter karaktertrek van Iris blyk hieruit? Wat was haar voorwaarde aan die oom, voordat sy vir hom pa sal sê? (2)

13.10 Herlees die volgende reëls:

TEKS G (reëls 8 tot 10): " 'Pragtig,' het sy saamgestem en haar tong geklik toe sy agterkom die boud is wel in die oond, maar die oond is nog nie aangeskakel nie. 'So 'n mooi blom.' "
TEKS H (reël 17 en 18): "Ek het my appeltert geëet. Dit was heerlik en ek het probeer proe wat dit was wat die tannie bygesit het sodat ek vir Johanna kon vertel."

Dink jy Iris het in TEKS H vrede gevind ten opsigte van die innerlike konflik wat sy in TEKS G beleef het? Motiveer jou antwoord. (1)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

### *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small

Beantwoord ÓF VRAAG 14 (opstelvraag) ÓF VRAAG 15 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG

Bespreek in 'n opstel van 400 tot 450 woorde hoe die aktuele tema van ontvlugting uit 'n negatiewe werklikheid in Map en Blanchie se lewens vanaf die eksposisie tot aan die einde van die drama na vore kom. **[25]**

### VRAAG 15: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS I**

| | |
|---|---|
| CAVERNELIS: | Dis hoekom ek en Maudie en Blanchie hierso wil weg! |
| LA GUMA: | Best of luck to you, mister Cavernelis. Jy maak geld om hierso yt te briek. Best of luck. Maar 'is 'n sterk tronk dié. Kyk, die tralies! *(Hy trek regaf strepe in die lug, met albei hande, en wys na die geboue in die omgewing.)* |
| CAVERNELIS: | Anyway, dis hoekom ons seker nie nou gaan worry met 'n shower in die huis nie, mister La Guma. Dis 'n onnodige uitgawe, op 'n huurhuis. |
| LA GUMA: | *(luister nie):* 'n Sterk tronk, sê ek … |
| CAVERNELIS: | *(plaas die tou in La Guma se hande terug, maar dié let dit skaars op):* Ja … |
| LA GUMA: | Nou is Map Jacobs ook terug … |
| | *Cavernelis sê niks.* |
| LA GUMA: | Yt die tronk yt. Terug, hiérnatoe. Kan jy dit vir jou imagine? Hiérnatoe? |
| | *Cavernelis sê niks.* |
| LA GUMA: | Kamma yt die tronk yt. Na dit toe. *(Hy wys, bars dan uit van die lag.)* An' you know, what really gets me? Lat die mense almal actually nog bid! Nog in die Here in glo! Praise the Lord, en al daai jazz! |
| CAVERNELIS: | Wel … |
| | *Bo by die woonstelvenster verskyn Blanchie se gesig weer, om te sien wat haar pa ophou. Sy roep dan.* |
| BLANCHIE: | Daddy! Daddy! |
| LA GUMA: | En ek hoor Map Jacobs is oek kamma gebekeer! |
| CAVERNELIS: | Ek kom, Blanchie …! Okay, goodnight, mister La Guma … |
| LA GUMA: | *(is nog nie klaar gepraat nie. Cavernelis huiwer weer):* Weet jy hoekom hulle vir hom Map ge-call het? You know why? |

15.1 "Dis hoekom ek en Maudie en Blanchie hierso wil weg!" (Reël 1)

Na watter spesifieke ruimte verwys Cavernelis? (1)

15.2 Watter wanpersepsie oor La Guma sou sy woorde aan Cavernelis: "Best of luck." (reël 3) by die leser kon skep? (1)

15.3 "Maar 'is 'n sterk tronk dié. Kyk, die tralies!" (Reël 3)

15.3.1 Wat word deur La Guma se woorde oor die ruimte waarbinne hulle hul bevind, geïmpliseer? (1)

15.3.2 Na watter gebeurtenis het Blanchie besluit om uit hierdie "tronk" te ontsnap EN watter gebeurtenis veroorsaak dat sy nie daarin slaag nie? (2)

15.4 Die neweteks in reël 12 lei tot die retoriese vrae in reël 13.

Motiveer hierdie stelling deur na die dramatiese doel van die retoriese vrae te verwys EN dui aan op watter manier die toename in emosie in dié retoriese vrae aangedui word. (2)

15.5 Verwys na reël 11 en reël 22.

In watter opsig kan die nuus oor Map se vrylating uit die tronk as die motoriese moment van die drama beskou word? Kan jy jou met La Guma se agterdog oor Map se bekering identifiseer? Motiveer jou antwoord. (2)

15.6 "Weet jy hoekom hulle vir hom Map ge-call het? You know why?" (Reël 24 en 25)

15.6.1 Noem enige EEN van Map se tatoeëermerke. Dink jy sy tatoeëermerke hou met sy karakterontwikkeling verband? Motiveer jou antwoord. (2)

15.6.2 Evalueer die geslaagdheid van die feit dat Map twee name het. Verwys na beide name in die motivering van jou antwoord. (1)

**EN**

**TEKS J**

BLANCHIE: *… (Dan skielik, hard.)* Johnnie … Wat het … met ons gebeur … Wat … Ek … is … so … sleg …
MAP: *(sit sy hand op haar mond):* Nee! … Jy's … goed …
BLANCHIE: Jy lieg … Jy … lieg, Johnnie … lieg, lieg, lieg!!!
MAP: *(asof hy haar geskreeu nie hoor nie):* Dis ek wat sleg is ... Dis … ek … Blanchie … Wat het met ons gebeur … *(Hy hou haar vas, stýf; sy hom. Hy lig sy oë op.)* Apostel George! Here! Ma! … Blanchie … Blanchie … Wat het met ons … gebeur …
BLANCHIE: Ek is so vuil, Johnnie …
MAP: Jy is … mooi …
BLANCHIE: (*saggies):* Johnnie … Wat het … van ons geword …
*'n Lang stilte.*
MAP: Alles … en niks … Blanchie …
BLANCHIE: (*huil):* Johnnie …
MAP: Alles … en niks … *(Hy huil en lag. Dan sy ook – huil en lag.)* Ek het vir jou … alles ge-vertel … Blanchie … voor Apostel George … voor die Here … en voor Ma … Daar is niks meer nie …
BLANCHIE: Ek het vir jou … ook … ge-vertel … alles … Johnnie …
*Hulle hou mekaar styf vás. Soen mekaar hartstogtelik. Die wind van die Kaapse Vlakte wáái, en blý waai, maar dan word dit ook die geluid van 'n trein wat deur die townships reis. En skielik 'n huilende sirene en remme van die trein wat staal op staal laat sing. Blanchie en Map weerloos teen die wind en die huilende trein – teen die gebeurtenis.*

15.7 Noem EEN ander karakter wat met Blanchie sou saamstem dat sy "sleg" (reël 2) is EN meld ook of jy dink dat hierdie karakter se mening oor Blanchie geregverdig is. Motiveer jou antwoord. (2)

15.8 Hoe versterk Map se handeling in die neweteks sy woorde in reël 3? (1)

15.9 Herlees reëls 6, 8 en 11.

In watter opsig is die verandering van Map se vraag deur Blanchie in reël 11 funksioneel? (1)

15.10 "Apostel George! Here! Ma!" (Reël 7 en 8)

Watter rol speel Apostel George om Map se innerlike stryd enersyds EN sy verhouding met sy ma andersyds te verlig? (2)

15.11 Verwys na reël 15 en reël 18.

Watter DRIE sake is moontlik ingesluit in die "alles" wat Map aan Blanchie vertel het? Noem EEN aspek van Blanchie se lewe waaroor sy eerlik moes wees in haar gesprek met Map. (4)

15.12 Herlees die volgende reëls:

TEKS I (reël 9 en 10): "*(plaas die tou in La Guma se hande terug, maar dié let dit skaars op):* Ja …"
TEKS J (reëls 19 tot 22): "*Die wind van die Kaapse Vlakte wáái, en blý waai, maar dan word dit ook die geluid van 'n trein wat deur die townships reis. En skielik 'n huilende sirene en remme van die trein wat staal op staal laat sing.*"

Watter stemming word onderskeidelik deur die verwysings na die "wind" en die "trein" in TEKS J geskep EN hoe sluit die verwysing na die tou (TEKS I) by hierdie stemming aan? (3)

**[25]**

***MIS* – Reza de Wet**

Beantwoord ÓF VRAAG 16 (opstelvraag) ÓF VRAAG 17 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 16: *MIS* – OPSTELVRAAG**

Bespreek in 'n opstel van 400 tot 450 woorde hoe die aktuele tema van ontvlugting uit 'n negatiewe werklikheid in Miem en Meisie se lewens vanaf die eksposisie tot aan die einde van die drama na vore kom. **[25]**

**VRAAG 17: *MIS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS K**

| | |
|---|---|
| MIEM: | *(kyk op. Hard)* O ja … Onthou tog die slopemmer! Dis al twee dae! *(Sag aan MEISIE)* Weet jy, hy was die hele middag so onrustig. *(Tel weer haar voet op en laat dit op 'n stoel rus)* |
| MEISIE: | *(knik)* Ek het gehoor. |
| | *'n Sagte huilwind word gehoor.* |
| MIEM: | *(kyk op)* Heen en weer. Heen en weer. Sonder ophou. |
| MEISIE: | Ja. |
| MIEM: | Ek dink hy voel dit aan. Die onheil. As vannag tog net verby wil gaan. Al die verstandiges het voorsorg getref. Slotte en grendels. Luike toegespyker. Maar jy hoef jou nie te kwel nie, my kind. Ek sal die hele nag by jou waak. |
| MEISIE: | Ja, Ma. |
| MIEM: | Sit regop! Hoeveel keer moet ek dit nog sê? As jy 'n man wil hê, moet jy let op jou postuur. |
| | *Hulle werk verder.* |
| MIEM: | *(na 'n stilte)* Dan is dit altesame tweehonderd. Ek het vanmiddag gaan tel. Die ander honderd-en-sewentig is heeltemal vol en toegewerk. *(Byt garing met haar tande af)* So ja. *(Hou die sak uit na MEISIE)* |
| | *MEISIE neem die sak en sit dit op die hoop. Terwyl MIEM verder praat, trek sy 'n lengte goiing van die rol af en meet dit.* |
| MIEM: | Kom nou, Meisie, hou reguit. |
| | *MEISIE trek die goiing styf terwyl MIEM sny.* |
| MIEM: | *(sny)* Die skêr is al weer stomp, Meisie, jy moet dit slyp. Meestal beesmis. So dertig perdemis en tien vark. Ja, ons doen goed die maand. Vroeglente wil almal die grond bewerk. *(Baie vriendelik)* Miskien koop ek vir jou 'n nuwe rok. *(Neem die goiing, skuif die rol eenkant toe en gaan sit moeisaam)* |
| | *Die wind huil om die huis.* |
| MEISIE: | *(sit ook)* Dankie, Ma. |
| | *Kort stilte. Hulle werk.* |
| MIEM: | Wat was dit! |
| MEISIE: | Wat, Ma? |

17.1 Verwys na reël 1.

Na watter gesuggereerde ruimte kyk Miem op? (1)

17.2 Verwys na reëls 1 tot 5.

Dink jy die neweteks in reël 5 is geslaagd teen die agtergrond van Miem se woorde? Motiveer jou antwoord. (1)

17.3 Verwys na reëls 8 tot 11.

17.3.1 Op watter datum speel die drama af? (1)

17.3.2 Watter wanpersepsie oor Miem word in hierdie spreekbeurt geskep? Op watter manier bewys Miem die teendeel in die motoriese moment van die drama? (2)

17.4 Evalueer die geslaagdheid van Meisie se naam EN motiveer jou antwoord. Dui aan hoe Konstabel juis haar naam gebruik om haar te manipuleer. (2)

17.5 Dink jy dié teks as deel van die eksposisie/uiteensetting van die drama is geslaagd? Motiveer jou antwoord deur na DRIE funksies van hierdie teks as deel van die eksposisie te verwys. (3)

**EN**

**TEKS L**

| | |
|---|---|
| MIEM: | *(trots)* Sy is mooi, nè? |
| KONSTABEL: | Ja, Mevrou. |
| | *MEISIE staan op en beweeg stadig terug na haar stoel. Daar is 'n kort stilte. MEISIE werk aan haar sak. MIEM en GERTIE kyk na die KONSTABEL. Die KONSTABEL kyk voor hom uit. Die valdeur klap hard oop. MEISIE kyk op. 'n Slopemmer sak stadig na onder.* |
| MEISIE: | Kyk, Ma! Hier kom dit! |
| MIEM: | *(hard. Kyk op)* Wees versigtig! Dis al meer as twee dae! |
| | *MEISIE, MIEM en GERTIE hou die emmer dop. Dit sak baie stadig af tot op die vloer. Die emmer is vol slymerige bruin water. Aan die uitdrukking op almal se gesigte kan 'n mens aflei dat die inhoud baie sleg ruik. MEISIE gaan nader en met haar kop half weggedraai, begin sy die tou losmaak. GERTIE druk 'n sakdoek voor haar neus. MEISIE kry die knoop los. Die tou word vinnig opgetrek en die valdeur klap hard toe.* |
| MIEM: | Gaan maak dit tog leeg, my kind. En spoel dit goed uit. |
| KONSTABEL: | Laat ek help. |
| MEISIE: | Dankie. As dit vol is, is dit baie swaar. As jy eenkant vat, dan vat ek die anderkant. |
| KONSTABEL: | Dis goed so. |
| MEISIE: | *(bly)* En as ons baie gesels, dan hoef ons nie die musiek te hoor nie. |

17.6 Wat probeer Miem met haar opmerking aan Konstabel in reël 1 bereik? (1)

17.7 Verwys na reël 4: *"MEISIE werk aan haar sak."*

Hoe skakel Meisie se handeling enersyds met die titel van die drama EN andersyds met Meisie en haar ma se lewensomstandighede? Watter ander TWEE betekenisse van die titel skakel met die gebeure in die slot van die drama? (4)

17.8 Wat is die dramatiese doel van die neweteks oor die slopemmer in reël 6 asook in reëls 9 tot 15? In watter opsigte dra die slopemmer daartoe by dat Konstabel en Meisie mekaar in die afloop van die drama ontmoet? Noem TWEE feite. (3)

17.9 Verwys na Meisie se woorde in reël 21.

17.9.1 Hoekom is Meisie se woorde enersyds ironies EN andersyds net bedoel om Miem gerus te stel? (2)

17.9.2 Watter rol speel Konstabel om Meisie se innerlike konflik in die drama te vererger EN hoe gaan Konstabel te werk om Meisie se verhouding met haar ma negatief te beïnvloed? (2)

17.10 Herlees die volgende reëls:

TEKS K (reëls 25 tot 28): "*(Baie vriendelik)* Miskien koop ek vir jou 'n nuwe rok. *(Neem die goiing, skuif die rol eenkant toe en gaan sit moeisaam)*
*Die wind huil om die huis.*"
TEKS L (reël 16): "Gaan maak dit tog leeg, my kind. En spoel dit goed uit."

Hoekom, dink jy, is Miem skielik "Baie vriendelik" met Meisie in TEKS K? Watter bydrae lewer die woord "tog" (TEKS L) dat dieselfde toon in hierdie twee spreekbeurte geskep word EN hoe verskil dié toon van hoe sy gewoonlik met Meisie praat? (3)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**AFRIKAANS HUISTAAL V2**

**NOVEMBER 2025**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 80**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 52 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**RIGLYNE VIR NASIENERS**

1. Indien 'n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. **(Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)**

2. Indien 'n kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte beantwoord het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.

3. Indien 'n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. Indien 'n kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.

4. Indien 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

5. Indien antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyne nagesien.

6. Taalfoute by kontekstuele vrae word nie gepenaliseer nie. Indien 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. Indien die spelfout nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

7. Opstelvrae:
Indien die literêre opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat hy/sy hom-/haarself gepenaliseer het. Indien die literêre opstel te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener. Die nasienriglyne is slegs 'n riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die opstelvrae na te sien.

8. Kontekstuele vrae:
Indien 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

9. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.

10. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/motivering/bewys verdien die punt.

11. **Moenie woorde nasien nie; sien betekenis na.**

12. Vir hierdie eksamen geld die volgende eksamenriglyne vir die opstelvraag:
    - Lees die opstelvraag die <u>eerste maal</u> en toon die reeks treffende argumente met die ooreenstemmende kode aan.
    - 'n Reeks treffende argumente is stellings wat met:
        - relevante verduideliking gemotiveer word./
        - korrekte, gepaste aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word./
        - geparafraseerde aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word.
    - 'n Treffende argument is **nie** noodwendig in die formaat **punt, verduideliking én illustrasie nie**.
    - Lees die opstelvraag 'n <u>tweede maal</u> om die struktuur en taal te assesseer. Taalfoute word met onderstreping aangedui.

    Die aantal kodes in die opstelvraag word **nie** getel om 'n bepaalde punt by inhoud toe te ken <u>**nie.**</u>

## AFDELING A: GEDIGTE

### VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL

**"27 april 1994" – Vincent Oliphant**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

**V = voorplasing**
**A = agterplasing**
**H = halfrym**
**R = retoriese middele**

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Nasienriglyn by Vraag 1:
    - ❖ Vir uitsonderlike inhoud sal die kandidaat minstens 1 van elk aanbied, m.a.w. minstens 1 voor- en alleenplasing, 1 voorbeeld van halfrym en 1 retoriese middel.
    - ❖ Die kandidaat kan die aspekte in enige volgorde aanbied.

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| ARGUMENT | ONDERSTEUNENDE BEWYS OF AANHALING/PARAFRASE | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **VOOR- EN ALLEENPLASING** | | |
| **Die spreker se afwagting vir sy nuutgevonde vryheid word deur voorplasing uitgehef.** | Die woord "uiteindelik" word aan die begin van die eerste versreël geplaas om die spreker se emosionele verligting en vreugde oor die einde van apartheid te beklemtoon. | Versreël 1: *"uiteindelik vou ek die verlede toe"* |
| | Ook die afwagting van die spreker vir sy nuutgevonde vryheid word deur die voorplasing van "uiteindelik" in versreël 14 uitgelig, wat ook terselfdertyd die gebruik van "uiteindelik" in versreël 1 bevestig. | Versreël 14: *"uiteindelik myself te kan sien"* |
| | Die vooruitgang na vryheid word deur voorplasing van "loop" beklemtoon. Die woord "loop" aan die begin van versreëls 19-21 beklemtoon die vryheidsgedagte en die vooruitgang na en proses na vryheid, versoening en eenheid. | Versreël 19: "*loop deur die ganse geskiedenis..*"<br>Versreël 20: "*loop deur elke uithoek*" *en*<br>Versreël 21: "*loop deur my en jou…*" |
| | Die voorplasing van "sodat" beklemtoon die gevolge van die stemproses. | Versreël 8: *"sodat my nuutgebore stem na woorde smag ..."*<br>Versreël 12: *"sodat ek vry uit die vervreemding tree"* |

| | | |
|---|---|---|
| **Die spreker se ontsag vir hierdie nuwe vryheid word deur alleenplasing versterk.** | Die alleenstaande woord, "wonderbaarlik", beklemtoon die buitengewone en amper onwerklike aard van die nuutgevonde vryheid. | Versreël 5: *"wonderbaarlik"* |
| **Die uiteindelike vervulling van die spreker se vryheidsbegeerte word deur alleenplasing beklemtoon.** | Die woord "vry" word alleen in 'n reël geplaas, wat die ervaring van vryheid na 'n hewige onderdrukking beklemtoon. | Versreël 6: *"vry"* |
| **HALFRYM** | | |
| **Die spreker se emosionele reis na vryheid word klankmatig deur alliterasie versterk.** | Die herhaling van die "v"-klank beklemtoon hoe die spreker die verlede toevou en hoe die toekoms, wat deur vryheid gekenmerk word, intree.<br><br>Die g-alliterasie skep 'n vloeiende en ritmiese effek wat 'n ligte/positiewe toon bewerkstellig en sodoende die vryheidstema ondersteun. | Versreël 1 en 2*: "<u>v</u>ou ek die <u>v</u>erlede toe/knyp sy <u>v</u>lerke"*<br>Versreël 7: *Die duif <u>v</u>an <u>v</u>rede sy blou <u>v</u>lerke sprei"*<br><br>Versreël 3: "*tot hy veilig deur 'n <u>g</u>leuf in die <u>g</u>eskiedenis <u>g</u>lip"* |
| **Die verbondenheid tussen mense en die geskiedenis word deur assonansie ondersteun.** | Die herhaling van die "e"-klank in woorde soos "vergetenes" en "langverlorenes" dra by tot 'n melancholiese toon, wat die emosionele diepte van die nuutgevonde vryheid in die gedig versterk. | Versreël 13 en 14: *"in die oë van v<u>e</u>rget<u>e</u>n<u>e</u>s en langv<u>e</u>rlor<u>e</u>n<u>e</u>s/uiteindelik myself te kan sien"* |
| **Die bevryding van die stem en identiteit word deur halfrym geaktiveer.** | Die "s"-alliterasie boots die vloeiende beweging van 'n vlag of vlerke na, wat die idee van vryheid en oorwinning simboliseer. | Versreëls 7 tot 11: *"die duif van vrede <u>s</u>y blou vlerke <u>s</u>prei/<u>s</u>odat my nuutgebore <u>s</u>tem na woorde <u>s</u>mag/om 'n lied vir my land/<u>s</u>oos 'n vlag aan die tong te laat <u>s</u>weef"* |
| **RETORIESE MIDDELE** | | |
| **Die herhaling van "vry" beklemtoon die vryheidsgedagte.** | Die woord "vry" word herhaal om die kernboodskap van die gedig te versterk – die spreker is uiteindelik vry en bewus van sy nuwe identiteit. | Versreël 6 en 12: *"vry"/"sodat ek vry uit die vervreemding tree"* |
| **Die herhaling van "uiteindelik" in versreël 14 sluit aan by die afwagtinggedagte van versreël 1.** | Die woord "uiteindelik" word herhaal om aan te dui dat die spreker ná 'n lang stryd sy plek in die samelewing kan inneem en sy identiteit kan omhels. | Versreël 1 en 14: *"uiteindelik vou ek die verlede toe"/"uiteindelik myself te kan sien"* |

| | | |
|---|---|---|
| **Die vryheidsgedagte deur die mens se verbondenheid aan mekaar word beklemtoon deur middel van herhaling.** | Die herhaling van "loop deur" in die slotstrofe wys hoe die mens deur die geskiedenis onafskeidbaar aan mekaar verweef is.<br><br>Dié herhaling beklemtoon dat vryheid ook in die erkenning van 'n gedeelde menslikheid en die besef dat mense vanaf een bloedlyn afkomstig is, lê. | Versreëls 18 tot 21: *"loop deur die eeue/loop deur die ganse geskiedenis/loop deur my en loop deur jou"* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[10]**

**VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG**

**"Briefie aan Madiba" – Sandra O'Kelly**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 2.1 | Kwatryn ✓<br><br>**EN**<br><br>Paarrym ✓<br><br>**EN**<br><br>Aangesien daar slegs TWEE persone/die spreker en Madiba in die gedig betrokke is, is die paarrym waar TWEE versreëls rym, baie effektief om na twee mense te verwys. ✓ | 1<br><br><br><br>1<br><br><br><br><br><br>1 |
| 2.2.1 | Informeel/gemeensaam/kinderlik/vriendelik ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 2.2.2 | Die aanspreekvorm: "Liewe Madiba"/"Liewe"/"Madiba"<br>Die gebruik van die informele (persoonlike voornaamwoord) "jy"/ (besitlike voornaamwoord) "jou"/<br>Die gebruik van (verklein)woorde bv. "ditjies en datjies" ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 2.3 | Gee my jou drome, ek wil dit sien. ✓<br><br>**EN**<br><br>Die herhaling van hierdie vraag/versoek (in twee afsonderlike strofes) lig hierdie versoek as die belangrikste uit. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 2.4 | sinekdogee | 1 |
| 2.5 | Versreëls 25 tot 28 is effektief, want:<br>Die herhaling van dieselfde woorde as dié in versreëls 1 tot 4 versterk die gedagte van 'n sikliese slot./dat hierdie woorde die hoogtepunt van die gedig vorm./versterk die gedagte van "Briefie aan Madiba"./die titel van die gedig. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG**

**" 'n Paternoster vir Suid-Afrika" – Lina Spies**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | al ✓ | 1 |
| 3.2 | Vrees/Magteloosheid/Bekommernis ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Verwondering/blydskap/geluk ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br><br><br>1 |
| 3.3 | **Waar:** In versreël 7 is die "ek" net 'n toekyker./<br>In versreël 13 is die "ek" die een wat die lootjies uitdeel (dus nie een van die werkers nie). ✓<br><br>**Onwaar:** In versreëls 26 tot 28 het die "ek" en die "donker speelmaat" saamgespeel. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |
| 3.4 | Ja<br>Daar is progressie van letterlike hande en wat ons daarmee doen na "liefdevolle hande", met ander woorde hoe ons teenoor mense optree/ verhoudings moet herstel. ✓<br><br>*Die kandidaat moet na beide kante van die progressie vir EEN punt verwys.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 3.5 | Gerusstellend, want God wat liefdevol is, sal self almal beloon, dus vanuit genade/liefde evalueer.<br><br>**OF**<br><br>Waarskuwend, God sal almal na verdienste beloon, dus op grond van hulle dade oordeel. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 3.6 | "laat die name geheilig word"<br>"vergewe ons, die vergeetagtiges"<br>"Aan U behoort die land"/<br>"Gee ons liefdevolle hande, Heer,"/<br>Die Here word aangespreek. ✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan ook ~~die~~ soortgelyke gebedsaspekte omskryf.* | 3 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG**

**"Suiwer wiskunde" – NP van Wyk Louw**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | "kantel" ✓<br><br>**EN**<br><br>"hang roerloos"/"nooit bevrug" ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 4.2 | Die kort sin (met die punt aan die einde) is geslaagd, want dit bevestig/beklemtoon die finaliteit van die gedagte dat tyd tot stilstand kom. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie aandui dat dit nie geslaagd is nie.* | 1 |
| 4.3 | Lewe: "bevrug"/"(sal) saadskiet" ✓<br><br>**EN**<br><br>Dood: "welk" ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 4.4 | Beeldspraak: vergelyking ✓<br><br>**EN**<br><br>Assonansie (die lang aa-klanke)/(s)-alliterasie ✓<br><br>**EN**<br><br>Die lang aa-klanke ondersteun die stollingsproses (alles gaan stadiger word as die tyd sou stilstaan en uiteindelik vries)./<br>s-alliterasie versterk die gedagte van stilstand. ✓ | 1<br><br><br><br>1<br><br><br><br>1 |
| 4.5 | Die brander bly ook in die lug "hang"./vries in die lug./is met ander woorde "roerloos". ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 4.6 | "ewigheid" skakel met uurwerk/tyd-gedagte./<br>"versuim" skakel met wat gebeur wanneer die uurwerk kantel, dus tyd staan stil. ✓ | 1 |
| | | **[10]** |

**EN**

**ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG**

**"Ek is my ma se kind" – Danelle Jacobs**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | sien/"sien"/maar/"maar" ✓<br><br>**EN**<br><br>Die woord "sien" deur middel van die pa se oë dui op 'n letterlike kyk na dinge/ooreenkoms met die pa se oë, maar in versreël 2 is sprake van 'n figuurlike "sien", met ander woorde wat die ma se beskouing van die wêreld is. ✓<br><br>*Die letterlike en die figuurlike "sien" moet deur die kandidaat vir EEN punt omskryf word.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 5.2 | Dit dui daarop/beklemtoon dat die ma die dogter sagkens/liefdevol versorg het (wanneer sy seergekry het)./versterk die kontras tussen die seerkry en die ma se liefdevolle versorging./vertroosting.✓<br><br>**EN**<br><br>"dat ek nie dieselfde deurmaak nie." / "Sy het vir my die vrede geskep wat sy nooit kon vind nie." ✓<br><br>**EN**<br><br>Die dogter het in vrede/sonder seerkry/swaarkry grootgeword, maar haar ma kon nie vrede vind nie./het seergekry./swaargekry. ✓<br><br>*Die kandidaat moet na beide kante van die verskil vir EEN punt verwys.* | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 5.3 | Rebelsheid van tieners/Opstandigheid van tieners/Onverdraagsaamheid teenoor ouers/Swak ouer-kind-verhoudings ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 5.4 | Personifikasie/Metafoor ✓<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Dit beklemtoon die ma se hartseer./<br>Dit sluit by die volgende reël waarin hartseer genoem word aan./<br>Dit versterk die onkeerbaarheid van haar trane (wat aansluit by baie seer./haar omstandighede).✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*<br>*Die twee vrae word onafhanklik van mekaar nagesien.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 5.5 | A/Herhaling ✓ | 1 |
| 5.6 | Die pa en die dogter het nie 'n emosionele band nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | **[10]** |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: ROMAN**

Beantwoord EEN vraag.

**VRAAG 6: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie

**I = innerlike konflik**
**U = uiterlike konflik**

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKSTE TE VERWYS.**

| ARGUMENT | MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **GREG SE INNERLIKE KONFLIK DRA BY TOT SY GELOOFWAARDIGHEID.** | | |
| **Greg se innerlike konflik maak hom geloofwaardig, want alhoewel hy sterk wil voorkom, rou hy nog oor John se dood.** | Greg ervaar innerlike konflik wanneer hy sy hartseer oor John moet wegsteek om sy pa tevrede te stel en sy ma die bekommernis te spaar. | Bl. 66: *Ek het nie gehuil toe John dood is nie. "Jy sal nie!" het my pa beveel, ...*<br>Bl. 66: *Hoe om mens te wees en die lewe aan te durf sonder 'n bulletproof baadjie wat jou beskerm teen pyn en hartseer?*<br>Bl. 67: *"Greg, wat is fout?" vra sy. "Niks, Ma." ... Ek sug. "Ék het vandag aan John gedink."* |
| | Greg se innerlike konflik oor John se dood kom na vore wanneer hy besluit om nie vir Eckardt tydens die Trapper-ritueel in die tonnel te laat sak nie weens die feit dat Eckardt hom in daardie oomblik aan sy broer herinner. | Bl. 62: *'n See van hande gryp na Eckardt, anker hom op sy knieë daar voor my. Ek grynslag.*<br>Bl. 62: *... die uitdrukking in sy oë. Alles presies net soos my broer s'n.*<br>Bl. 63: *Toe trek ek hom self uit die donker gat.* |
| **Greg is geloofwaardig, want hy ervaar innerlike konflik wanneer hy sy pa tevrede wil stel, maar tog vasgevang in sy pa se verwagtings voel.** | Greg voel vasgevang tussen sy pa se verwagting vir hom ten opsigte van sy akademie en die wete dat hy nie meer 'n spogstudent is nie. | Bl. 55: *As dit nie was dat my pa my so gedruk het nie, het ek ook nie 'n duiwel omgegee vir skoolwerk nie. Maar ek doen dit om hom van my rug af te hou.*<br>Bl. 106: *"Ek verwag uitstekende resultate van jou teen die einde van jou matriekjaar. Ek sal met niks minder as dit tevrede wees nie, ..."* |
| | Greg ervaar innerlike konflik wanneer hy nie sy pa se drome vir Turret Media deel nie. | Bl. 48: *My pa se magtige media-masjien. Sy lewe draai om die plek, en hy reken myne moet ook.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Greg se eerlike wroeging ten opsigte van leierskap beïndruk die leser.** | Greg se leierskapkonflik word voorspel wanneer Plank hom herinner dat leierposisies by Lawson Kollege gekoop word.<br><br>Greg ervaar innerlike konflik oor sy leierskap wanneer niemand hom ondersteun in sy besluit om aan die rugbywedstryd te onttrek nie.<br><br>Greg twyfel oor sy status as hoofseun wanneer hy ervaar dat leerders hom nie respekteer nie.<br><br>Greg voel skuldig wanneer hy nie die voorbeeld van dissipline kan stel vir die VRL nie, omdat sy kuberkrakery al sy aandag in beslag neem. | Bl. 58: *Julle was almal blote sake-transaksies, ... Wie se pa kan die skool se budget die grootste hupstoot gee?*<br><br>Bl. 76: *Nie een van die ander ouens het saam met my gestaan teen Dok nie. Is ek dan hulle leier?*<br><br>Bl. 85: *"Loser," kap een sag.*<br><br>Bl. 89: *Dit was ure terug al ligte uit. So much vir my dissiplinepreek vir die VRL's.* |
| **Greg se geloofwaardigheid as hoofkarakter neem toe soos sy innerlike stryd tussen die regte en ver-keerde/goeie en sleg-te/verantwoordelike en on-verantwoordelike keuses tot die voorgrond tree.** | Wanneer 'n stoeigeveg in die wiskundeklas uitbreek, weet Greg dat hy 'n plig het om as hoofseun in te tree, maar hy doen dit nie. Deurdat hy dit besef, verwerf hy geloofwaar-digheid.<br><br>Greg is bekommerd oor die opgehoopte skoolwerk, maar skeep dit voordurend af weens sy betrokkenheid by kuberkrakery en sy ongeërgde reaksie spreek tot die leser.<br><br>Wanneer Greg onder valse voorwendsels toegang tot die skool se biblioteek verkry, ervaar hy innerlike konflik in sy oorweging om sy wiskundepunt op sy skoolrekord te verander en die leser kan daarmee assosieer. | Bl. 56 en 57: *Ek steur my nie daar-aan nie, al weet ek dit gaan later voor my kop gegooi word: "Greg, jy is hoofseun en jy het dit nie gekeer nie."*<br><br>Bl. 97: *Kommer oor my skoolwerk knaag aan my gewete. Die jaar het skaars begin en ek laat slap lê. Die eerste toetsreeks is voor die deur. Die onderwysers dreig.*<br>Bl. 99: *Twee aande later crack ek Challenge 4. En drie dae later pluk ek vir die heel eerste keer in my lewe 'n wiskundetoets.*<br><br>Bl. 97*: ... nadat ek onder Eckardt se leiding die eerste hacking challenge voltooi het, is ek ná oorhaastige studiesessies en uit-geruilde toesigdiensbeurte aan-mekaar besig op hackthissite.*<br>Bl. 113: *Ek het lus om sy hand weg te stamp van die laptop en die punt te verander. Wie sal weet? Dit sal my 'n hengse spul verduideliking spaar later.*<br>*Maar dis Eckardt wat sê: "White hat or black hat?"*<br>*En met daardie woorde ruk hy my terug. Al wil ek ook. Al skree die rebel binne in my: doen dit net!* |

| | | |
|---|---|---|
| **Greg se geloofwaardigheid as hoofkarakter word bevestig wanneer die konflik tussen vertroue en wantroue in sy verhoudings versterk.** | Daar is innerlike konflik in Greg wanneer hy enersyds vir Nicole verdink van ontrouheid en andersyds haar in sy vertroue neem en oor alles bieg. | Bl. 44: *Hoe sal ek weet dat sy getrou is aan my? Sy is daar in Johannesburg en ek hier in 'n godverlate skool in die Drakensberge. Na Jeffreysbaai se dinge ... hoe weet ek wat sy in Jozi aanvang?*<br>Bl. 205: *"Nicksie, ek is lief vir jou," sê ek. En toe vertel ek ook die res.* |
| | Greg ervaar teleurstelling wanneer hy sy vriend, TJ, met sensitiewe inligting aangaande Eckardt se verdwyning vertrou, maar dan deur TJ verraai word. | Bl. 176: *Ná 'n ruk gaan die kantoor-deur oop. Ek kyk op. TJ is die eerste een wat uitstap. TJ! Uit die manier wat hy vir my kyk, weet ek: Die klein vark het gaan squeal.* |
| **GREG SE UITERLIKE KONFLIK BEELD SY TOENEMENDE VASGEVANGENHEID UIT.** | | |
| **Greg ervaar toenemende vasgevangenheid wanneer uiterlike konflik weens ander se verwagtinge van hom ontstaan.** | Kwanele se verwagtinge van Greg as hoofseun lei tot 'n toenemende gevoel van vasgevangenheid wanneer Greg nie sy pligte wil nakom nie. | Bl. 50: "*Tonight, VRL meeting," sê die onderhoofseun, Kwanele Twala, en klap my op die rug. "Seven o'clock. Don't be late."*<br>*"Wie het dit gereël?"*<br>*"I did," kap hy terug.*<br>*"Vir wat? Ek is hoofseun, het jy vergeet?"*<br>*"So why didn't you organise it then?" Hy loop weg.* |
| | Greg voel vasgevang in Nicole se verwagtinge van hulle verhouding, wanneer hy eerder aandag aan die kuberkrakery en Eckardt se verdwyning wil gee. | Bl. 184: *"Nicksie, ek moet nou gaan," keer ek haar in die middel van 'n sin. "VRL-vergadering." Vreemd hoe die leuens nou so maklik kom.* |
| | Greg ervaar 'n magteloosheid wanneer Nicole sy nabyheid in haar konfliksituasies vereis. | Bl. 159: *Ek voel skielik so magte-loos ... "Ek wens jy was hier, Greg ... Ek wens jy was nóú hier."* |
| **Dokter Alec Pienaar laat Greg vasgevang voel wanneer uiterlike konflik weens wantroue ontstaan.** | Greg voel magteloos en vas-gevang wanneer hy en Dok Pienaar woorde oor Eckardt se verdwyning het voor die rugby-wedstryd. Hy opponeer die skoolhoof openlik en verloor alle vertroue in die geloofwaardigheid van hierdie gesagsfiguur. | Bl. 76: *"Ek dink hier is groot fout. En dit is die kollege se plig om iets daaromtrent te doen. Nou! En as julle nie nou dadelik begin nie, sit ek nie my voet op 'n rugbyveld nie."*<br>*"Greg, laat ons mekaar goed verstaan," sê Dok, nou so kalm dat dit mens eintlik bang maak. "Ek gaan nie dat jy my dreig nie."* |

| | | |
|---|---|---|
| | Greg voel vasgevang omdat Dok Pienaar dink dat hy 'n houvas op hom het nadat hy om verskoning moes gaan vra vir sy optrede.<br><br>Uiterlike konflik ontstaan tussen Greg en Dok Pienaar by die polisiestasie, nadat Greg hom as die Butcher ontbloot het, wat 'n verlammende gevoel van vasgevangenheid in Greg tot gevolg het. | Bl. 125 en 126: *"Greg, ek gee vir jou nog 'n kans. Moet dit nie opmors nie." ... Ek het gedoen wat my pa gevra het. My trots vir eers in my sak gedruk ... Maar in my weet ek ek het nie 'n enkele woord van daardie verskoning bedoel nie.*<br><br>Bl. 203: *"Jou klein pes!" skree hy toe hy my sien. Sy gesig is vertrek van woede. "Wat het jy gedoen? Ek sal jou kry, Greg. My mense sal jou kry."*<br>*Nou skielik kom die verlammende vrae. Was dít wat ek gedoen het reg? Of moes ek eerder my bek gehou het?* |
| **Uiterlike konflik tussen Greg en die polisie veroorsaak vrees by hom.** | Greg ervaar dat hy 'n verdagte is./beskuldig word. Hy voel vasgevang deur sy leuens. | Bl. 180: *"En dan raak hierdie ou weg." Inspekteur Cele laat die sin in die lug hang.*<br>*"Ek het niks aan hom gedoen nie!" Toe: "Nou sê jý vir my wat ek daarvan moet maak, G-4ce?"* |
| **Uiterlike konflik tussen Greg en Eckardt laat hom magteloos voel.** | Greg voel vasgevang in sy onsekerheid wanneer hy vir Eckardt in die nag naby Nicole se kamer betrap en hom konfronteer.<br><br>Greg en Eckardt raak handgemeen in Clarens wanneer Eckardt sy ware kleure wys en Greg se onbegrip hom vasgekeer laat voel. | Bl. 149: *"Was jy by Nicole?" ... My vingers trek saam in vuiste soos die woede in my kook. "Ek sal jou hard bliksem as jy aan haar vat, hoor jy vir my, Eckardt? Laat dit dan maar net 'n warning wees."*<br><br>Bl. 216: *En toe ek sien, is Eckardt op die grond. Met my vuiste wat hom tref. In die gesig. Bloed oor my hande. Hy keer, stamp my van hom af.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

**VRAAG 7: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 7.1 | Eckardt wil homself as mentor vir Greg (in kuberkraakaktiwiteite) vestig./Greg sosiaal manipuleer/nuuskierig maak om kuberkraakvaardighede te leer. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>**EN**<br><br>Eckardt se doel is om Greg toe te rus met die vaardighede om deur middel van kuberkrakery Project Nursery Rhyme te ontmasker./sy pa/Dok Pienaar se kriminele aktiwiteite te ontbloot. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |
| 7.2 | Letterlik: Greg is slaperig/slaap laat. ✓<br>Figuurlik: Greg is nie wakker/bewus dat Eckardt hom manipuleer/hy die slagoffer van Eckardt se wraakplan is nie. ✓<br><br>**EN**<br><br>Greg is 'n magsfiguur./hoofseun./rolmodel (vir ander leerders). ✓<br>Greg se pa is 'n invloedryke sakeman/mediamagnaat./oefen mag/beheer oor sy familie uit. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br>1<br><br>1<br>1 |
| 7.3 | Nee<br>Hy glimlag vals vir mnr. Andersen wat aansluit by die wyse waarop hy Eckardt spot wanneer hy vroegoggend gaan draf./<br>Greg dink Eckardt is "simpel" om te draf wat daarop dui dat hy nie self fiksheid prioritiseer nie. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n JA-antwoord aanbied nie.*<br><br>**EN**<br><br>Eckardt het eers in matriek by Lawson Kollege aangesluit./kan diep gesprekke voer./het 'n wye algemene kennis./is 'n buitestander./intens/lees baie./neem nie aan sport deel nie./se kennis oor rekenaars/kuberkrakery is indrukwekkend. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>2 |
| 7.4 | Greg se woorde dui daarop dat hy nie selfgedrewe is nie./nie sy hoofseunskap ernstig opneem nie./nie inisiatief neem nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Greg is sinies oor/wantrou **sy pa** in gesprekke oor skoolwerk./rugby./sy hoofseunskap./John se dood./ervaar vrees/skeptisisme oor hoe sy pa gaan reageer nadat Greg Dok Pienaar konfronteer./wanneer hy Greg se rapport sien./<br>Greg is sinies oor/wantrou **Dok Pienaar** se reaksie oor Eckardt se verdwyning./sy sakebelange./ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| | Greg raak opstandig teenoor die **polisie**/sersant Botha/inspekteur Cele wat hom ondervra oor sy verhouding met Eckardt./verontagsaam doelbewus die polisie se verbod dat hy nie meer moet kuberkraak nie./lieg vir die polisie. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 2 |
| 7.5 | (John se selfdood veroorsaak) dat Greg se ma hoop dat Greg gelukkig sal wees./nie ook selfdood oorweeg nie. ✓<br>(John se selfdood veroorsaak) dat Greg se pa hoop dat Greg die nuwe opvolger vir Turret Media sal word./sy nuwe skouperd sal word deur te presteer. ✓ | 1<br><br>1 |
| 7.6 | Aangesien Greg hom so vererg het vir sy pa se insinuasie dat hy nie 'n ruggraat het nie, sou 'n mens verwag dat Greg beheer neem/vaste besluite kan maak oor konflikkwessies, MAAR hy is steeds bang/huiwerig/het steeds nie 'n ruggraat wanneer hy met moeilike besluite gekonfronteer word nie. ✓<br><br>*Die kandidaat moet beide kante van die ironie aandui.* | 1 |
| 7.7.1 | Greg ontdek Dok Pienaar is die Butcher./<br>Greg ontdek Dok Pienaar is aan die stuur van Project Nursery Rhyme./<br>Greg ontdek Dok Pienaar is verantwoordelik (saam met Greg se pa) vir die voëlepidemie./<br>Greg ontdek Dok Pienaar besit 'n farmaseutiese maatskappy./Plus Ultramed./<br>Greg vind uit dat Dok Pienaar 'n vorige saak van "insider trading" teen hom het./<br>Greg vind uit dat Dok Pienaar destyds die regter omgekoop het om 'n saak teen hulle te laat verdwyn./hulle onskuldig te verklaar. ✓✓✓ | 3 |
| 7.7.2 | Greg se ma sou hom kon meedeel dat Greg se pa en Dok Pienaar voorheen aangekla is vir bedrog./voorheen saamgewerk het./vennote was. ✓<br><br>**EN**<br>Ja<br>Indien Greg geweet het dat sy pa ook aandadig kan wees, sou hy moontlik nie die saak verder ondersoek het nie.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Die dryfkrag om Eckardt te vind was reeds sterk genoeg./<br>Die inspekteurs het reeds genoeg inligting/bewyse gehad om Greg te arresteer indien hy nie sy kant van die ooreenkoms nakom nie. ✓<br><br>*Die twee vrae word onafhanklik van mekaar nagesien.*<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 7.8 | Eckardt se pa het hóm gevra om nie vir sy ma (van die selfdoodpoging) te vertel nie.✓ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.9 | Aanvanklik is Greg se ma besorgd oor Greg se posisie/reputasie by die skool, terwyl sy later haar teen die skool uitspreek./dreig om Greg uit die skool te haal./ meer besorgd oor Greg se welstand is. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat bied die twee kante van die verskil vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Wanneer Greg se ma uitvind dat Dok Pienaar gearresteer is, besef sy dat Lawson Kollege nie 'n gesonde omgewing/goeie skool vir Greg is nie./Wanneer Greg se ma besef sy kan haar kind as gevolg van aktiwiteite by die skool deur Dok Pienaar verloor, is haar kind vir haar belangriker as die skool se "goeie naam." ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 7.10 | Die onderwêreld van kuberkrakery. ✓<br><br>**EN**<br><br>In Teks A moedig Greg vir Eckardt aan om hom meer oor kuberkrakery te leer met die gevolg dat Greg in Teks B by die polisie in die moeilikheid beland. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br>1 |
| | | **[25]** |

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

**VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG**

**I = innerlike konflik**
**U = uiterlike konflik**

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| ARGUMENT | MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **BAAS SE INNERLIKE KONFLIK DRA BY TOT SY GELOOFWAARDIGHEID** | | |
| **Die leser kan met Baas se wroeging identifiseer omdat hy eerlik oor sy innerlike konflik is. Baas is 'n geloofwaardige hoofkarakter, want hy wil hom graag in Barotseland vestig, om weg te vlug van sy verlede, maar hy dra swaar aan sy verlede.** | Baas se innerlike konflik oor sy teenwoordigheid in Barotseland spruit voort uit onderliggende bitterheid, want Baas se ouers is tydens die Rhodesiese bosoorlog deur rebelle vermoor. | Bl. 63: *"... Dink jy ek het Barotseland toe gekom om verantwoordelik te voel vir almal se skete en kwale en hongersnood? Ná my pa en ma deur 'n spul barbare vermoor is?"* |
| **Baas is identifiseerbaar in sy innerlike konflik tussen sy doel op Manaka en die feit dat hy nie bemoeienis met ander wil maak nie.** | Innerlike konflik neem toe wanneer karakters, soos ouma Essie, Baas herinner dat hy Manaka toe gestuur is om ander te help. Baas wil nie betrokke by die gemeenskap raak nie. Hy sien homself nie as 'n helper in die plaaslike gemeenskap nie en wil net alleen wees. Uiteindelik besef Baas dat hy wel met 'n doel na Manaka gekom het. | Bl. 43: *" ... Sy het gesê sy sal meneer Baas gaan roep, want sy weet die tyd het gekom dat iemand gestuur word om die mense van Manaka te help."*<br>Bl. 43: *"… ek is nie gestuur nie en ek is vir seker nie hier om enigiemand te kom help nie. Ek is hier om my boot op die Zambezi te kry."*<br>Bl. 243: *"Dankie, Here. Amen," sê Baas.* |
| **Baas se karakter is geloofwaardig wanneer hy enersyds die sendelinge se teenwoordigheid op Manaka verpes, maar andersyds onbetaamlike gevoelens oor Nanna ontwikkel.** | Baas is koud en hardvogtig teenoor die sendelinge – hy is onvriendelik teenoor hulle, tog ontstaan daar innerlike konflik by Baas soos die band tussen hom en Nanna verdiep. | Bl. 84: *"Ek is dominee Griesel du Pisani." Hy steek sy hand uit. Baas vat nie sy hand nie.*<br>Bl. 235: *"Gee jy om dat ek by jou kom lê?" vra sy. "Net 'n rukkie." "Dankie vir die geskenk," sê Baas. Hy laat haar teen sy bors huil. Haar hand is in sy baard.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Baas ervaar innerlike konflik wanneer Grace in sy lewe kom: Hy wil haar wegjaag, maar hy besef ook dat hy 'n kameraad in haar het.** | Wanneer Baas aanvanklik daarop aandring dat Grace hom moet uitlos en loop, bewys sy haar lojaliteit teenoor Baas deur te bly, wat gevolglik innerlike konflik by Baas laat ontstaan. Alhoewel Baas 'n eenkantmens is, neem hy wel Grace in sy vertroue. Die hegte verhouding wat tussen Grace en Baas deurgaans verdiep, dui op die moontlikheid van 'n gesamentlike toekoms. | Bl. 94: *"Moenie dink ek is ondankbaar ná alles wat jy vir my gedoen het nie. Maar ek sal dit waardeer as jy nie verder vir my wys jy is dankbaar dat ek jou lewe gered het nie."*<br>Bl. 126: *"Dankie vir alles wat jy vir my gedoen het," sê hy eindelik.*<br>Bl. 246: *"Jy moenie weer vir my 'meneer' Baas sê nie," sê hy. ... "Sê net 'Baas'. Dit is wat my naam is."*<br>*"Ja, Baas," sê Grace.* |
| **Baas se innerlike konflik aangaande sy eie geloof maak van hom 'n geloofwaardige hoofkarakter.** | Baas ervaar innerlike konflik wanneer hy aan sy eie geloof begin twyfel. Sy worsteling met Christenskap word weerspieël in die feit dat hy nie wil hê dat oom Scholtzie vir hom bid nie.<br><br>Baas se innerlike konflik oor geloof kom na vore in die vrae wat hy oor die wese van Christenskap opper.<br><br>Baas se innerlike konflik word opgelos wanneer hy sekerheid kry oor sy verbintenis met God. | Bl. 108: *"Ek sal baie graag vir jou 'n gebed wil doen, neef." "Vir mý?" "Daar kom 'n tyd in elke mens se lewe dat hy dit nodig het."*<br>*"Ag nee, wat, so erg is dit nie. Maar baie dankie vir die gedagte."*<br><br>Bl. 184: *Kan 'n mens die ewige lewe hê en dit verloor?*<br><br>Bl. 243: *"Dankie, Here. Amen," sê Baas.* |
| **Baas se innerlike konflik is identifiseerbaar wanneer sy familiekwaal veroorsaak dat hy ander onwillekeurig help.** | Stelselmatig begin Baas besorgdheid teenoor sy naaste toon en sy familiekwaal, die wil om ander te help, kom na vore<br>Baas is byvoorbeeld aanvanklik teësinnig, maar help tog Manuel se siek dogtertjie deur vir haar van sy eie malariamedisyne te gee.<br><br>Baas help ook vir Grace wanneer sy malaria kry. Sy betrokkenheid by sy medemens raak onvermydelik.<br><br>Whitey noem die familiekwaal nadat hy Baas met die regmaak van die Land Rover gehelp het. Baas kom tot die besef dat dit ook sy kwaal is. | Bl. 29: *Baas haal die dosis chlorokien uit sy rugsak. Hy lig die hygende kind se kop, druk vier pille in haar mond en sorg dat sy dit afsluk ...*<br><br>Bl. 43*: Hy het met die voet Mubuyu toe geloop, waar hy ouma Essie gehelp het om Grace chlorokien in te gee.*<br><br>Bl. 178*: "Ek help mense omdat ek daarvan hou om hulle te help, nie omdat ek iets terug verwag nie. Dis 'n familiekwaal."* |

| BAAS SE UITERLIKE KONFLIK VERSTERK SY MAGTELOOSHEID. | | |
|---|---|---|
| **Uiterlike konflik tussen Baas en die sendelinge veroorsaak 'n magteloosheid by Baas.** | Baas voel vasgekeer wanneer vreemdelinge hulleself kom tuis maak in sy kamp en reageer daarop met woede. | Bl. 82: *"Ons is sendelinge!" skreeu hy van ver af.*<br>*"Wat soek julle in my kamp?" vra Baas.*<br>*"Dis is mý kamp die," sê hy weer. "En daardie is my honde se slaapplek. Dit reën!"* |
| **Uiterlike konflik speel ook 'n rol wanneer Baas met die khuta te doen kry.** | Baas is nie vertroud met die plaaslike volk se tradisies nie en vind dit daarom moeilik om hulle lewenswyses te aanvaar.<br><br>Baas moet sy wins van die vleisverkope met die khuta deel, wat tot frustrasie en magteloosheid lei omdat hy nie meer geld oor het nie en baie van die vleis weggee. | Bl. 87: *Hy bring 'n boodskap vir Baas, sê hy. Die khuta wil met hom praat.*<br>*"Sê vir hulle hulle kan in hulle moer vlieg," antwoord Baas.*<br><br>Bl. 126: *"Dit is oor die vleis wat jy verkoop en oor die boot. Hulle wil 'n aandeel hê. Die geld wat hulle vir die konsessie wil hê, word ook nou meer omdat jy moet betaal vir die besigheidsregte."* |
| **Baas voel magteloos wanneer hy en die diamantsmous, Riekert, koppe stamp omdat Baas nie sy skelm leefwyse ondersteun nie.** | Riekert wil hê dat Baas vir hom diamante moet kry, maar Baas druk hom so te sê teen die Land Rover vas, alhoewel hy weet dat sy eie finansiële situasie hom magteloos laat voel. | Bl. 132: " ... *Dink mooi: hierdie soort klippies is dalk net wat jy nodig het om 'n nuwe begin te maak."* |
| **Uiterlike konflik tussen Baas en die toordokter, Chisupo, veroorsaak magteloosheid by Baas.** | Wanneer Baas Chisupo by die ou vrou se sterfbed optel en fisies uit die hut verwyder, deel hy ouma Essie se magteloosheid omdat hy nie die mense se sienswyse oor die toordokter kan verander nie.<br><br>Chisupo brand die kerk af en laat Baas se boot wegdryf. Dit veroorsaak 'n magtelose gelatenheid by Baas en hy besef sy roeping lê elders. | Bl. 192 en 193: *In die donkerste deel van die vertrek staan meneer Chisupo in sy lang swart jas langs die deur, 'n bultende sak onder sy arm vasgeknyp.*<br>*Baas tel hom op en dra hom uit.*<br><br>Bl. 227: *Hulle sien gelyk die gloed bokant die kerk uitslaan.*<br>Bl. 229: *"Die boot ...!" roep Grace langs hom.* |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Baas het uiterlike konflik met Kebbey wat hom magteloos oor die khuta-uitbuitery laat.** | Baas het uiterlike konflik met Kebbey wanneer Kebbey hom probeer manipuleer tot 'n vennootskap in Baas se bootbesigheid. Baas voel magteloos oor die feit dat hy niks aan die uitbuitery in die khuta-stam kan verander nie.<br><br>Baas ervaar magteloosheid in sy uiterlike konflik met Kebbey wanneer hy vir geld vra om met Grace te trou, terwyl Baas eintlik self gevoelens vir haar ontwikkel het. | Bl. 187: *Dit is selfs moontlik dat meneer Baas en die nuwe hoofindoena nou al in 'n vennootskap kan gaan in die besigheid van die pontboot wat meneer Baas regmaak, ..."*<br><br>Bl. 188 en 189: "*Die nuwe vrou wat ek wil vat, is my niggie. Dit sal my posisie in die khuta versterk as ek met haar trou." Baas staan op. "Ek het nie geld om vir jou te leen om nog 'n vrou te vat nie." Hy loop in die nag weg.* | |
| Kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | | **[25]** |

**VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| | | |
|---|---|---|
| 9.1 | Meneer Johnnie ✓ | 1 |
| 9.2 | Baas twyfel op hierdie stadium aan sy geloof/Christenskap./<br>Baas wil nie glo dat hy met 'n rede na Manaka gestuur is nie./<br>Baas wil nie saam met die sendelinge 'n tafelgebed doen nie. ✓✓<br><br>**EN**<br><br>Grace ✓<br>Ouma Essie ✓ | 2<br><br><br><br>1<br>1 |
| 9.3 | Die moord op Baas se ouers./<br>Die verlies van Baas se familieplaas. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 9.4 | Grace voel dat sy haar lewe aan Baas verskuldig is omdat hy haar gered het (toe sy malaria gehad het). ✓<br><br>**EN**<br><br>Grace versorg sy honde./<br>Grace hanteer die vleisverkope./<br>Grace tree as tolk op wanneer Baas met die Lozi's/khuta moet praat./<br>Grace neem beheer oor sy ruilhandel. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br><br><br><br><br>2 |
| 9.5. | Die stilte veroorsaak dat Baas die kitaarklanke hoor./soet stem van Nanna hoor./aan die lied uit sy jong dae herinner word./gekonfronteer word met herinneringe uit sy verlede./gemis aan sy ouers. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 9.6 | *Amazing Grace* <u>as beskuldiging</u>: Baas voel skuldig omdat hy twyfel in sy geloof./nie sy roeping wil aanvaar nie./besef dat hy genade ontvang het./sy ouers se opvoeding aan hom versaak het. ✓<br>*Amazing Grace* <u>dien as waarskuwing</u> dat hy sy rug op die ewige lewe/redding gedraai het./as nie-geredde kan sterf. ✓<br><br>**EN**<br><br>Ontsteltenis/hartseer ✓ | 1<br><br>1<br><br><br><br>1 |
| 9.7 | Whitey openbaar die karaktertrek van die familie: dat hy altyd ander mense wil help/omgee en hulpvaardig is.<br><br>**EN**<br><br>Baas het vir Whitey die eerste keer ontmoet toe Whitey vir hom en Grace 'n saamry-geleentheid gegee het van die hospitaal af./Whitey nie geld vir die saamrygeleentheid wou aanvaar nie. ✓<br><br>**OF** | <br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| | Whitney daag met brandewyn daar op wat sy liefde/afhanklikheid van drank suggereer.<br><br>**EN**<br><br>Die eerste keer toe Baas vir Whitey ontmoet het, het hy onder die invloed van drank bestuur. ✓<br><br>*Die kandidaat moet die karaktereienskap van Whitey aan die eerste ontmoeting skakel.* | 1 |
| 9.8 | 'n Mens sou verwag dat Baas wat op daardie stadium nog teen geloof was, niks met die kerk se vestiging te doen sal wil hê nie, MAAR hy herbou die kerk se bankies./<br>Baas skep die verwagting met dié woorde dat hy sy roeping ten opsigte van die sendingstasie sal wil aanvaar, MAAR op dié stadium is hy nog teen alles wat met geloof te make het. ✓<br><br>*Die kandidaat moet beide kante van die ironie aandui.* | 1 |
| 9.9 | Beide Whitey en Baas se gewere kom van hulle oupagrootjie – wat dieselfde mens is. ✓<br><br>**EN**<br><br>Baas het sy Mott Mauser saamgebring om buffels te jag. ✓<br><br>**EN**<br><br>Manaka beteken Plek van die horings - Baas kap die buffel Morena se horings en al die ander horings by die Manaka naambordjie vas. ✓ | 1<br><br><br><br>1<br><br><br><br>1 |
| 9.10 | Baas se oupagrootjie se portret hang teen sy muur. ✓<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Dit is Baas se droom om sy oupagrootjie se droom te verwesenlik./<br>Baas wil nie herinner word aan sy ouers nie, want dit maak hom opstandig/hartseer. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 9.11 | Baas verwyt Grace dat sy van hom verwag om haar mense te help nadat sy ouers deur "barbare" vermoor is (terwyl haar eie ouers ook vermoor is). ✓<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Whitey vertel vir Baas dat Grace se ouers in 'n landmynontploffing gesterf het en laat Baas so skuldig oor sy woorde voel.<br><br>**OF**<br><br>Whitey help Baas om te besef dat dit wel so bestem was dat hy na Manaka toe moes kom./dat hy deur die Here gestuur is om ander mense te help (want dit is in hulle familie se bloed). ✓ | 1<br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| | | **[25]** |

**VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**I = innerlike konflik**
**U = uiterlike konflik**

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| ARGUMENT | MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Ten spyte van innerlike konflik oor Kaaitjie vir wie hy liefhet, maar nie deur sy ouers goedgekeur gaan word nie, help Kenneth hulle nog steeds.** | | |
| **Kenneth wou Tant Wonnie se verblyf in die tronk draagliker maak deur vir haar kos tronk te neem .** | Kenneth is met sy fiets na die aanklagkantoor waar hy vir Tant Wonnie wou kos gee. | Bl. 153: *Ek het hier iets te ete – en hy wys die bruin papierkardoes – vir 'n mevrou Wonnie Müller.* |
| **Kenneth sien die nood van Kaaitjie en Suzan raak oor hulle ma wat in die verknorsing is; daarom wil hy uitvind wat aangaan.** | Kenneth en Suzan gaan na die polisiestasie waar hy uitvind dat Tant Wonnie die volgende dag voor die hof verskyn. Hy ver-neem ook of daar borgtog is.<br><br>Kenneth is ook bereid om die borg vir Tant Wonnie te betaal en hy verneem by die konstabel of daar enige is. | Bl. 155: *... Naand, Mineer, Sir, ek en die oom het 'n bietjie kos vir my Ma-Ma gebring.*<br><br>Bl. 156: *Enige borgtog, Sersant? No that is for the court to decide, it is out of my jurisdiction. Do you have the telephone number of a lawyer?* |
| **Kenneth is desperaat om die kos vir Tant Wonnie te gee; daarom gaan hy en Suzan weer aanklag-kantoor toe om die kos by Tant Wonnie te kry.** | Kenneth en Suzan sit af aanklagkantoor toe om weer te probeer om die kos vir Tant Wonnie te gee. | Bl. 156: *Take this food to the cell of Yvonne Müller, it's number five. And don't give her the bottle of milk, pour it out into a tin dish before you push it in under the grill gate.* |
| **Omdat geleerdheid vir Kenneth belangrik is, leer hy vir Kaaitjie lesse en woorde.** | Al wat Kenneth weet is dat Kaaitjie nie geleerd is nie, maar dat sy die wêreld ken. Hy weet ook dat sy dapper, eerlik is. Daarom die nodigheid dat sy sal kan doen met 'n paar nuwe woorde. | Bl. 154: *Sy dink die lesse wat hy haar gee en die boeke, meeste daarvan tydskrifte waaruit hy vir haar voorlees, is belangriker as om te vry. Die helfte van hulle tyd saam word bestee aan die verduidelik van woorde.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Kenneth het gesorg dat Kaaitjie nie gebrek ly nie deur vir haar die basiese bestaansmiddele te gee.** | Toe Kaaitjie van Mevrou Bosman weg is, het sy die goed wat Kenneth vir haar gegee het, gevat en huis toe geneem. | Bl. 259: *..., die een kombers gevat wat hare was, die lei en ander goed wat Kenny haar gegee het daarin gepak en die kombers se vier punte in twee geknoop, haar arm daardeur gesteek en uitgestap sonder om die deur toe te maak.* |
| **Ten spyte van Kenneth se eie wroeging na sy besering, stel hy Kaatjie eerste.** | | |
| **Kenneth wil nie Kaaitjie laat wonder wat van hom geword het, toe hy nie meer opdaag as gevolg van die werksbesering wat hy opgedoen het nie.** | Mineer Willem Bosman is selfs deur Kenneth se baas ingelig oor die ongeluk wat hy gehad het, maar het niks gesê nie. | Bl. 249: *Mineer Bosman het van Kenny se baas gehoor wat met hom gebeur het ... Maar hy het nie met haar daaroor gepraat nie.* |
| **Ten spyte van innerlike konflik oor wat van Kaatjie geword het, gaan maak Kenny eers die kerk klaar.** | | |
| **Ten spyte van sy eie konflik oor wat van Kaatjie geword het, gaan maak Kenneth eers die kerk klaar.** | Kenneth het talle briewe vir Kaatjie geskryf wat haar nooit bereik het nie. | Bl. 250: *Sy het die brief gevat, dit in twee geskeur en in die stoof gegooi.* |
| **Ten spyte van sy eie worsteling as hy hoor dat hy en Kaaitjie net 'n "prooi van omstandighede" was, begin Kenny mense in Vatmaar se lewens verbeter.** | | |
| **Vatmaar ervaar Kenneth se hulpvaardigheid toe hy 'n kardinale rol gespeel het dat Vatmaar 'n kliniek kry.** | Die oprig van die kliniek is deur Kenneth geïnisieer, hy het die bouplanne opgetrek. Hy het Tant Wonnie gevra om die oudstes bymekaar te kry om die voorstel van die kliniek te bespreek. | Bl. 296: *Wat ons in Vatmaar nodig het, sê hy, is 'n kliniek. Ek wil hê Ma-Ma moet die oudstes bymekaar kry en vir hulle vertel wat ek in gedagte het.* |
| **Kenneth wil Oom Flip betaal vir die bou-materiaal wat Oom Flip Vatmaar toe karwei het, maar Oom Flip wou niks daarvan weet nie.** | Kenneth sê toe dat, indien Oom Flip nie al die geld wil hê nie, hy 'n deel vir die kerk kan skenk. | Bl. 299: *Maar Kenny het gesê: Oom, ek gaan Oom die regte bedrag betaal of ek kry iemand anders. Oom kan altyd deel van die geld vir die kerk gee ...* |
| **Kenneth se hulpvaardigheid kom ook na vore toe hy Boitjie Afrika help om 'n sokkerspan op Vatmaar te vestig, asook 'n sokkerveld.** | Kenneth identifiseer 'n stuk grond waar die sokkerveld opgerig kan word. Hy skryf ook 'n brief wat Boitjie moet oorskryf en aan die dorpsraad voorlê. Verder skenk Kenneth ook die doelpale. | Bl. 303: *Ek sal jou sê wat ek sal doen, as jy tevrede is, natuurlik. Ek sal 'n brief aan die dorpsraad opstel, maar dan moet jy dit oorskryf en onderteken, want dit moet in jou handskrif wees. ... Ek sal die pale gee, en 'n sak kalk om die lyne mee te merk.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Kenneth maak ook die lewensomstandighede vir Suzan draagliker deurdat hy losies vir sy verblyf betaal.** | Kenneth het losiesgeld betaal, want Tant Wonnie het gesê sy is 'n pensioenaris en Suzan gaan vir hom en die kind sorg.<br><br>Kenneth skenk ook een-pond-dertien-en-ses vir die stokvel om fondse te in vir die sokkerklub. | Bl. 300: *Ek is 'n pensioentrekker, Suzan is die een wat vir jou en jou kind sorg. En as dinge nie na jou sin is nie, moet jy daaroor met haar praat, ...*<br><br>Bl. 302: *Kenny glimlag en tel een-pond-dertien-en-ses uit sy wallet af. Goed, nou het jy twee pond. Ek hoop die stokvel is 'n sukses.* |
| **Kenneth maak self die kis vir Tant Wonnie se begrafnis.** | Kenneth vat die mates vir die grootte van die kis en gaan maak die kis by sy werkplek.<br><br>Kenneth maak ook 'n kruis van yster vir Tant Wonnie se graf. | Bl. 315: *... , vat Kenny sy maat-stok en neem die mates vir die grootte van die kis.*<br><br>Bl. 316: *Kenny het met die hulp van 'n paar sokkerspelers 'n kruis uit ou yster wat daar rondgelê het, gemaak.* |
| **Ten spyte van die teleurstelling dat oom Samuel reg was en Kenny net die vuilwerk moes doen, vra Kenny Suzan om met hom te trou**. | | |
| **Ten spyte van die teleurstelling dat oom Samuel reg was en Kenny net die vuilwerk by Masonic Temple moes doen om dit klaar te kry en dan weer uit die pos geskop te word, vra Kenny Suzan om te trou en maak hy haar gelukkig.** | Kenneth was trots op sy werk, al word hy misbruik en die Masonic Temple was drie dae voor sy inwyding klaar. Tydens Tant Wonnie se begrafnis ontdek hy sy liefde vir Suzan en vra haar uiteindelik om te trou. | Bl. 289: *Hulle het hom die vuilwerk gegee om te doen, het Oom Samuel gesê. Die ander het weggehol. En net sodra die werk weer glad loop, skop hulle sy gat en kry hulle weer 'n witman in sy plek, julle wiet mos.*<br>Bl. 299: *Die Masonic Temple was drie dae voor die inwyding klaar en die grond rondom skoongemaak. 'n Roostuin en lawn is uitgelê.*<br>Bl. 319: *Die Saterdag het Kenny op pad terug lank tyd gehad om te dink: Suzan het ingestem dat ek die domanie vra om ons troue aan te kondig en die gebooie môre na die kerkdiens te laat loop.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

**VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 11.1 | Kliniek Katrina ✓<br><br>**EN**<br><br>Kenneth wou Kaaitjie se nagedagtenis so verewig./eer./<br>Kenneth wou sorg dat daar basiese gesondheidsorg in Vatmaar is./<br>Kenneth wou seker maak dat niemand in die toekoms in Vatmaar sonder behoorlike gesondheidsorg (soos Kaaitjie) sou sterf nie. ✓ | 1<br><br><br><br><br><br>1 |
| 11.2.1 | Ja, want:<br>Suzan spreek Kenny as "ouboet" (met respek) aan./<br>die Vatmaarmans het Kenny by die werk met respek hanteer./<br>Vatmaar se mense het Kenny aanvaar toe hulle hoor hy is Kaaitjie se geliefde./<br>Kenny tree as leier in Vatmaar op toe die kliniek gebou word. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n Nee-antwoord aanbied nie.* | 2 |
| 11.2.2 | Boitjie Afrika:<br>Stigterslid van die sokkerspan./afrigter./<br>Hy het 'n brief vir die dorpsraad oorgeskryf.✓<br><br>Kenneth:<br>Hy het die sokkerveld uitgemeet./<br>Hy het die area aangewys vir die sokkerveld./<br>Hy het ook kalk/doelpale geskenk./<br>Hy help met die fondsinsamelingsveldtog./<br>Hy skryf die brief (vir Boitjie) vir die dorpsraad.✓<br><br>Ou Chetty:<br>Hy het die sokkerbal geborg. ✓ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 11.3 | Ja<br>Waar alles in die verlede om homself gedraai het, sorg hy nou daarvoor dat daar gesonde ontspanning vir die jongmense is./<br>Waar Boitjie in die verlede 'n strawwe daggaroker was, rook Boitjie nie meer dagga nie, maar spits hom toe op sokkerafrigting./<br>Waar Boitjie voorheen net op homself gefokus het, word Boitjie as 'n leiersfiguur beskou omdat hy sy hulp by die brandende huis aanbied./<br>Boitjie is nie meer verwaand nie, maar is nou onlosmaaklik deel van die gemeenskap. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat moet karakterontwikkeling in sy/haar antwoord aandui.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 2 |
| 11.4 | Kenny se bedagsaamheid/goedgemanierdheid/hoflikheid/onbaatsugtigheid blyk uit sy handeling om Elsa se sakdoek op te tel. ✓ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 11.5 | 'n Mens sou verwag dat Elsa, wat afbrekend krities oor Tommy se verhouding met Nellie Ndola was,/die feit dat Nellie Ndola swart was teen haar gehou het, nie oor kleurgrense 'n verhouding sou oorweeg nie, MAAR nou besluit Elsa dat Kenny (wat 'n bruinman is) die man vir haar is. ✓<br><br>*Die kandidaat moet beide kante van die ironie aandui.* | 1 |
| 11.6 | Suzan assosieer Tommy met Nellie Ndola./weet dat Tommy 'n verhouding met Nellie gehad het./dat Tommy Nellie se seun se pa is. ✓<br><br>**EN**<br><br>Tommy maak Nellie Ndolo swanger en dwing haar om met Lucas te trou./verbreek alle kontak met haar.✓<br>Tommy veroorsaak dat Nellie vir Lucas verlei en Nono se hart so gebreek word.✓ | 1<br><br><br><br>1<br><br>1 |
| 11.7 | Die brief van die stadsraad wat hulle inlig dat daar nie voorsiening gemaak is vir 'n kerkgebou op Vatmaar nie. ✓<br><br>**EN**<br><br>Die inwoners het begin saamwerk en self geld vir 'n kerkgebou ingesamel. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 11.8 | Mister Burns voorsien boumateriaal vir die kliniek. ✓<br>Mister Burns het ook self die brief vir die dorpsraad geskryf. ✓ | 1<br>1 |
| 11.9 | Nee<br>Sus Bet wou die mense van die Pan dronk maak./het geweet dat haar khadie sterker as gewoonlik sou wees./wou die mense van Vatmaar (teen haar khadie) beskerm. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n JA-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 11.10 | Tradisievas (Sus Bet maak die bier volgens die tradisionele resep.) ✓<br>Skelm-slim (Sy wou die mense van die Pan 'n les leer.) ✓<br>Manipulerend (Sus Bet stel die voorwaarde dat Vatmaar se mense nie van die bier by die inwyding van die kliniek moet drink nie.) ✓<br>Behulpsaam (Sy berei die beste khadie voor vir die inwyding van die kliniek.) ✓<br><br>*Die kandidaat bied VIER karaktereienskappe vir EEN punt elk aan.* | 1<br>1<br><br>1<br>1 |
| 11.11 | Die verwagting word geskep dat die gemmerbier gesonder/flouer sal wees. ✓ | 1 |
| 11.12 | Kenneth sou troos vind in die gedagte dat daar nie meer babas/mammas soos Kaaitjie sou sterf nie./hy die hartseer oor Kaaitjie se dood kon omswaai in iets tasbaars./positiefs. ✓ | 1 |
| | | **[25]** |

***DIE KWART-VOOR-SEWE LELIE* – ELEANOR BAKER**

**VRAAG 12: *DIE KWART-VOOR-SEWE LELIE* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**I = innerlike konflik**
**U = uiterlike konflik**

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| **ARGUMENT** | **MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **IRIS SE INNERLIKE KONFLIK DRA BY TOT HAAR GELOOFWAARDIGHEID.** | | |
| **Innerlike konflik is van meet af duidelik sigbaar by Iris. Haar eerlikheid oor die botsende emosies maak haar geloofwaardig.** | Iris ervaar dat haar geboorte nie 'n heuglike gebeurtenis vir haar familie was nie. Sy is anders as die res en daarom het hulle nooit na haar geluister nie. | Bl. 9: *Niemand het ooit regtig na my geluister nie.*<br>Bl. 9: *"Die keer is dit 'n donker enetjie," het hy vir Ma gesê ... "Heeltemal anders," het Ma saamgestem.* |
| **Sy kom tot die gevolgtrekking dat sy anders is en nie belangrik in haar familie is nie en die leser kan daarmee assosieer.** | Iris ervaar innerlike konflik omdat die familie haar altyd te jonk ag om 'n opinie te lewer of saam te praat. | Bl. 34: *Dit was altyd dieselfde ou storie. Ek was te jonk. Ek kon nog nie saampraat nie. Ek het nie geweet waarvan ek praat nie. Van ek die dag gebore is, was dit so.* |
| **Iris is geloofwaardig as karakter, want sy ervaar innerlike konflik wanneer sy haar menswees aan die betekenis van haar naam koppel.** | Iris is nie soos haar suster na familie aan vaders- en moederskant vernoem nie. Sy wou altyd weet wat haar naam beteken sodat sy weet wie sy is en watter simboliek sy daarvan kan uitleef.<br><br>Iris wou baie graag weet wat haar ouers se beweegrede was waarom hulle haar Iris genoem het. Haar ma is egter vaag en dink net dat 'n iris 'n mooi blom is. | Bl. 10: *Waarom my ma my Iris wou noem, het ek nooit uitgevind nie.*<br>Bl. 10: 'n *Iris was nie slegs 'n bolplant nie, maar sy was ook 'n Griekse mitologiese godin, in diens van meer belangriker gode.*<br><br>Bl. 11: *"Weet Ma wat my naam beteken?" het ek gevra. "Nee, darling. Dis maar vir my 'n mooi blom."*<br>Bl. 13: *"So 'n mooi blom. Ek vind dit so jammer dat hulle net in die lente blom."* |
| **Iris se innerlike konflik word duidelik wanneer sy jaloers is op Kara se non-fase. Jaloesie op 'n familielid is geloofwaardig en pas by die fase waarin Iris verkeer.** | Iris het besef dat sy 'n laat ontwikkelaar is. Sy was jaloers op Kara se andersheid en kon met haar non-fase identifiseer. Sy het op daardie stadium besef dat sy ontevrede met haarself was. | Bl. 17: *Dit was presies wat ek sou wou gedoen het. In daardie stadium van my lewe was ek reeds ontevrede met myself en vasbeslote om te verander, om iets anders te wees en te word.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Iris beleef innerlike konflik as gevolg van die verbeeldingloosheid van Elsa se troue. Dit bots met haar romantiese idee van wie die strooijonker sal wees en verleen humor aan die verhaal.** | Iris begin aan 'n fantasiewêreld bou waarin sy kan ontsnap wanneer die werklikheid nie aan haar vereiste voldoen nie. Op hierdie manier droom sy vir haar 'n meer aanvaarbare Eduard op. | Bl. 22: *Terwyl die dominee se stem oor ons koppe gedreun het en later tydens die toesprake op die onthaal, het ek sit en borduur aan die storie in my kop.*<br>Bl. 22: *Ek het die grootste gedeelte van die diens bestee aan sy naam en was so weggevoer dat Elsa moes sis toe ek die ruiker by haar moes vat ...* |
| **Die geloofwaardigheid van Iris as hoofkarakter word bevestig deur die innerlike konflik wat sy beleef oor die bestaan van 'n engel.** | Iris se ouma het vir haar van die Engel vertel. Haar ouma verseker vir Iris dat sy net die storie vir Iris alleen vertel. Iris voel belangrik dat haar ouma haar alleen met hierdie inligting vertrou.<br><br>Die Engel maak in Parys sy eerste verskyning toe Iris op besoek aan Kara en Claude was. Sy het gewonder of dit 'n plaaslike engel was en of hy saam gevlieg het.<br><br>Die Engel is ook in New York teenwoordig, maar Iris ervaar steeds innerlike konflik oor sy bestaan. | Bl. 63: *Sy was in die hospitaal toe die Engel haar die eerste keer besoek het.*<br><br>Bl. 92: *"Moenie jou aan hom steur nie," het iemand sag agter my gesê.*<br>Bl. 92: *Sou die man al die pad saamgevlieg het of was dit 'n plaaslike Engel?*<br><br>Bl. 100: *"Dis so," het die Engel agter my beaam, maar ek het my nie aan hom gesteur nie ... omdat hy opdringerig geword het omdat hy Peter se telefoongesprek afgeluister het.* |
| **Iris se innerlike konflik in New York is geloofwaardig en duidelik. Dit bring vir Iris voor 'n belangrike lewensveranderende besluit te staan.** | 'n Fotograaf, Joe Pryor, sien potensiaal in Iris en glo dat sy 'n suksesvolle model kan word. Iris betwyfel sy aanbod, maar wonder tog of dit nie die begin van haar blomtyd is nie.<br><br>Iris se innerlike konflik verhoog wanneer sy 'n daadwerklike kontrak deur die agentskap aangebied word. Sy verwoord haar innerlike konflik teenoor Peter.<br><br>Iris se innerlike konflik lei tot trane wanneer sy besef dat sy op die punt van 'n lewensveranderende keuse staan. | Bl. 100: "*Maar wat is hierdie beheptheid met foto's neem? Nie eens as baba is ek so gedurig afgeneem nie ... "*<br>*"Jy't 'n interessante gesig. Ons kan iets daarvan maak."*<br><br>Bl. 131: *"Ek het jou al vertel van my naam," het ek gesê toe ek die stilte nie langer kon verduur nie. "En dat ek glo ek sal eenkeer blom. Nou, soos ek dit sien ... wie sê dis nie nou my kans nie?"*<br><br>Bl. 133: *Ek het my trane gesluk. "Vermont? Waarom skielik Vermont?"* |

| IRIS SE UITERLIKE KONFLIK LEI TOT KARAKTERGROEI. | | |
|---|---|---|
| **Iris se besluit om vir Peter in Amerika te gaan kuier, het tot uiterlike konflik met sommige van die mense in haar lewe gelei. Die ver-skeie ondervindinge wat sy daar beleef, lei tot insig en karaktergroei.** | Frederik, die aflostandarts in dr. Anders se plek, is verlief op Iris en is vol besware toe sy aankondig dat sy Amerika toe gaan.<br><br>Iris se oudste suster, Elsa, het ook haar voornemende kuier afge-keur. Sy is van mening dat 'n meisie nie agter 'n man aanloop nie. | Bl. 78: *Frederik was gegrief en vol besware toe ek vir hom vertel dat ek in Amerika wil gaan kuier.*<br><br>Bl. 85: *" 'n Meisie loop nie agter* 'n *man aan nie."* |
| **Die uiterlike konflik wat Iris met die hotelklerk beleef toe sy uiteindelik daar aan-kom nadat Peter nie by die lughawe was nie, dra effektief by tot haar karakter-groei in die sin dat sy besef sy kan haar man staan.** | Iris beleef uiterlike konflik met die hotelklerk wat by meer as een geleentheid ongeskik met haar was.<br><br>Iris het hom ten einde laaste gekonfronteer oor sy houding jeens haar en probeer uitvind wat sy verkeerd doen. | Bl. 98: *"This ain't the Hilton, lady," het hy gesê en my verwys na 'n koffieplek om die hoek.*<br><br>Bl. 108: *"Wat doen ek verkeerd?" "Ek wil weet wat ek verkeerd doen. Jy gluur na my as ek hier deurstap ..."* |
| **Anders as wat Iris verwag het, is daar uiterlike konflik tussen haar en Peter tydens haar kuier in Amerika. Sy verkry lewensinsig en word gelei tot insig om groot besluite te neem.** | Iris is ontnugter wanneer Peter nie op die lughawe is soos belowe is nie. Sy moet noodgedwonge haar eie taxi na die hotel toe haal. Peter was ook nie in die portaal by die hotel nie.<br><br>Wanneer Peter, wat deur 'n sneeustorm vasgevang is, weer bel om te sê dat hy steeds nie kan kom nie, moet Iris wonder of hy nog New York toe wil kom.<br><br>Iris bevraagteken hulle liefde omdat hulle mekaar so lanklaas gesien het.<br><br>Iris oorweeg Joe se aanbeveling dat sy die modelkontrak moet aanvaar. Iris bepeins of hierdie geleentheid haar blomtyd is. Peter wil nie langer wag totdat Iris besluit het nie en eis dat sy eerder saam met hom Vermont toe moet gaan. | Bl. 93: *Peter was nie op die lughawe nie en ná ek 'n streng ...*<br>*Teen die tyd dat ek aan die beurt was, was my neus bevrore en het my oë getraan van die koue.*<br>*Bl. 96: Peter was nie in die portaal nie ...*<br><br>Bl. 114: *"Wil jy regtig kom?"*<br><br>Bl. 115: *"Dink jy jy's nog lief vir my?"*<br>*"Ek hoop so."*<br><br>Bl. 133: *"Ek kan nie onbepaald sit en wag dat jy tot jou sinne kom nie."*<br>Bl. 131: "*Ek het jou al vertel van my naam," het ek gesê toe ek die stilte nie langer kon verduur nie. "En dat ek glo ek sal eenkeer blom. Nou, soos ek dit sien ... wie sê dis nie nou my kans nie?"* |

| | | |
|---|---|---|
| **Iris leer haar ouma se Engel in Parys ken. Hy is 'n kommentator en lewer sy uitspraak by verskeie geleenthede. Hierdie gesprekke met die Engel dra by tot karaktergroei in Iris.** | In New York is die Engel haar gewete. Joe Pryor, die fotograaf, wou haar afneem en sy het 'n denkbeeldige agent opgeroep. Hy keur haar gedrag af.<br><br>Toe Iris en Peter in die taxi gesels oor die pad vorentoe na haar onderhoud by die model-agentskap, het die Engel 'n opinie oor Iris se huiwering om saam met Peter te gaan.<br><br>Wanneer Iris in die hospitaal lê met 'n gebreekte enkel, konfronteer sy hom dat hy as beskermengel gefaal het.<br><br>Iris beskuldig die Engel dat hy van sy vlerke gestroop behoort te word, aangesien hy Peter nie tydens die ongeluk met die sweisapparaat gered het nie. | Bl. 101: *"Sies," het die Engel in my oor gesis.*<br><br>Bl. 131: *"Jy's dwaas," het die Engel met 'n lae stem gesê.*<br><br>Bl. 177: *"Ek weet nie waarvan jy moeg is nie," het ek gesê. "As beskermengel het jy gefaal."*<br><br>Bl. 217: *"Jy behoort van jou vlerke gestroop te word. Jy moet herroep word vir indiensopleiding. Jy is die naam beskermengel nie werd nie."* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

**VRAAG 13: *DIE KWART-VOOR-SEWE LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 13.1 | Sy het vir haar ma vertel dat sy in die woordeboek ontdek het dat haar naam ook dié van 'n Griekse godin is. ✓ | 1 |
| 13.2 | Iris se ma is nie gemaklik met haar rol as huisvrou/ma nie./vind dit spanningsvol om ma/huisvrou te wees.✓<br><br>**EN**<br><br>Johanna (die huishulp), want sy maak basies vir Iris en haar sussies groot. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 13.3 | Sy was gewoond daaraan dat haar ma nie na haar luister nie./dat haar mening nie saak maak nie. ✓<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Iris dink sy gaan net een blomtyd in haar lewe beleef./<br>Iris dink dat die blomgeleentheid wat Joe Pryor voorstel tot haar blomtyd gaan lei./<br>Sy dink om saam met Peter Vermont toe te gaan, sal veroorsaak dat sy haar blomtyd gaan misloop./<br>Sy dink nie 'n alledaagse gebeurtenis soos 'n huwelik met Peter, gaan tot haar blomtyd bydra nie. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE wanpersepsies vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>2 |
| 13.4.1 | Iris se ma is verstrooid./onkonvensioneel. ✓<br>**EN**<br><br>Iris is wonder oor waarom haar ma haar Iris genoem het.✓<br>Iris wonder oor wanneer haar blomtyd sal wees. ✓ | 1<br><br><br>1<br>1 |
| 13.4.2 | Johanna: raakvatter/versorger ✓<br><br>Elsa: ernstig/perfeksionisties/prakties ✓<br><br>Kara: feministies/liberaal ✓ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 13.5 | Tant Ans (Peter se ma) ✓<br><br>**EN**<br><br>Tant Ans kom goed met Ma Els oor die weg; daarom was dit vir Iris maklik om met tant Ans oor die weg te kom./Tant Ans gee om vir Iris. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 13.6 | 'n Mens sou verwag dat Iris die futiliteit van haar ma se dromery/hoop op 'n beter toekoms sou raaksien, MAAR sy droom oor die uitleef van haar naam se betekenis./haar blomtyd./sy skep 'n fantasiewêreld om haar werklikheid te ontvlug.✓<br><br>*Die kandidaat moet beide kante van die ironie aandui.* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 13.7.1 | Bettie (Brian se vriendin) ✓<br>Bettie se gifdrinkery het Iris laat besef dat Peter kosbaar is in haar lewe./sy nêrens anders hoef te blom as by Peter nie. ✓ | 1<br><br>1 |
| 13.7.2 | Sy impliseer dat 'n bekwame vrou, soos wat Iris hier beskryf, gelukkig behoort te wees./reeds alles gehad het wat nodig is om gelukkig te wees. ✓ | 1 |
| 13.8 | Iris se ma se onbetrokkenheid by haar man/kinders/aanvanklike weiering om saam met haar man plaas toe te trek, laat Iris aanvanklik dink 'n man en vrou kan maar elkeen sy/haar eie lewe lei./hoef nie aktief te werk aan 'n verhouding nie./laat Iris uiteindelik besef dat sy nie so 'n huwelik wil hê nie./altyd by Peter wil wees. ✓<br><br>Elsa se onemosionele/praktiese manier van haar huwelik begin, laat Iris besluit sy wil nie trou nie./nie só trou nie. ✓<br><br>Kara en Claude se liefde laat Iris daarna verlang om so geliefd te voel./besef sy mis vir Peter./anders na die huwelik kyk as 'n vennootskap tussen geliefdes. ✓<br><br>Johanna se uitlating hoekom sy nie getrou het nie, laat Iris besluit sy wil nie eendag trou nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir elke karakter vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1<br><br>1<br><br>1 |
| 13.9 | Onafhanklik/alleenloper/buitestander/fyn waarnemer ✓<br><br>**EN**<br><br>Hy sal eers die Engel moet aanvaar. ✓ | 1<br><br>1 |
| 13.10 | Ja<br>Iris het berusting gevind/vrede gemaak met haar naam (se oorsprong/ betekenis)./<br>Iris het gegroei en haar onsekerhede oor die sin van die lewe/wanneer haar blomtyd is, verwerk. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| | | **[25]** |

**TOTAAL AFDELING B: 25**

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord EEN vraag.

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

### VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**M = Map**
**B = Blanchie**
**O = ontvlugting**

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| **ARGUMENT** | **MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **MAP HANTEER SY NEGATIEWE WERKLIKHEID** | | |
| **Map hanteer werkloosheid/werkreservering op die Kaapse Vlakte deur by bendes aan te sluit. Map beleef die harde werklikheid van werkloosheid/ werkskaarste na skool en sluit daarom by bendes aan.** | Map word 'n bendelid, want hy kry weens werkreservering nie 'n ordentlike werk nie.<br><br>Map voel uitgesluit en soek 'n plek waar hy behoort. Die bende bied hom 'n identiteit en mag, maar dit lei tot sy ondergang. | Bl. 24: ... *Toe's al die jobs vir wittes … Net messenger vir my! Messenger! Wit bastards!!"*<br><br>Bl. 31: *Kan jy sien die tattoos, al die merke? ... 'it was 'n terrible gesoek seker, vir 'n identity …"*<br>Bl. 51: *Allerhande merke, like, to identify himself. Daai's wat 'n man doen as jy desperate is, in 'n plek soes dié.* |
| **Die soeke na identiteit op die Kaapse Vlakte veroorsaak dat Map sy liggaam uit desperaatheid laat tatoeëer.** | Die tatoeëermerke simboliseer sy desperate soeke na 'n plek om te behoort. | Bl. 31: *Kan jy sien die tattoos, al die merke? 'it was 'n terrible gesoek seker, vir 'n identity …"*<br>Bl. 51: *Allerhande merke, like, to identify himself. Daai's wat 'n man doen as jy desperate is, in 'n plek soes dié.* |
| **Vanweë 'n gebrek aan werk en geld soek Map en sy bende na maniere om te oorleef.** | Map en sy bendelede beroof vrouens op soek na geld. | Bl. 32: ... *Maar ek sê vir julle ons was daar vir geld, nét vir geld, ...* |

| | | |
|---|---|---|
| **Map se reeds negatiewe omstandighede versleg wanneer hy verantwoor-delikheid vir sy dade/die verkragting van sy ma en suster en daarna die moord aanvaar.** | Map besluit om hom aan die polisie oor te gee na die moord op Ivan Philander, wat tot 'n vonnis van twaalf jaar tronkstraf lei. | Bl. 35: *Toe's ek polisiesstasie toe, na die sergeant op nightduty ... Ek het vir Ivan Philander doodgestiek, nou net. Toe hou ek my hande yt, vi' die boeie ... Ek het myself opgegie. Ek het getry om 'it ... soes 'n man te vat ...* |
| **In die tronk besef Map dat sy negatiewe omstandighede nie sy identiteit bepaal nie en hy kies om hom te bekeer.** | Map het in die tronk met die hulp van Apostel George tot bekering gekom. | Bl. 10: *Hy vat vir jou, vuil soes wat jy is, en dan maak Hy vir jou silwerskoon, Hy trek vir jou nuwe klere aan, wit klere …*<br><br>Bl. 32: ... *jy's nou gered, broer Jacobs ...* |
| **Map konfronteer die negatiewe gebeure van die verlede deur skuldbelydenis.** | Map neem verantwoordelikheid vir sy dade deur openlik sy skuld voor God, Apostel George en sy ma te bely. Deur hierdie daad van berou probeer hy innerlike verlossing vind, al bly die gevolge van sy dade 'n realiteit. | Bl. 33: "*O God, vergewe my!"* |
| **Map hanteer die negatiewe omstandighede van verwerping ná sy vrylating wanneer hy sy lewe probeer hervat.** | Ten spyte van Map se bekering, sien mense steeds net sy tronkverlede en tatoeëermerke.<br><br>Map word steeds met wantroue bejeën en sukkel om werk te kry.<br><br>Die orkes het die verskoning dat hul lidmaatskap vol is en die aansoeke vir die volgende jaar se kompetisie al klaar gevul is. | Bl. 46: ... '*cause jy's so laag, jy try vir iets wat goed is, maar foei tog! Was in vir moord en soek 'n job!*<br><br>Bl. 44: *... Apostel George, ek wiet jy't my ge-warn lat dit so sal wies*, ...<br><br>Bl. 46*: Map Jacobs, sal die band nou 'n naam gee, so steer ma' clear van Map Jacobs af, nou … allerhande ekskusies … die membership is al vol, …"* |
| **Map oorwin die negatiewe omstandighede van sy gebroke identiteit deur uiteindelik sy ware self/identiteit in vergifnis en versoening te vind.** | Hoewel Map ná sy vrylating 'n nuwe identiteit as 'n "ge-change-de" mens aanvaar, vind hy eers werklik sy ware self wanneer hy Blanchie vergewe, met haar versoen en sy ma se vergifnis ontvang. | Bl. 62: *ANTIE GROOTMEISIE: (praat vir die eerste keer in jare) Johnnie …* |

| **BLANCHIE HANTEER HAAR NEGATIEWE OMSTANDIGHEDE** | | |
|---|---|---|
| **Blanchie probeer uit die beperkings van die Kaapse Vlakte ontsnap deur haar liggaam as 'n middel tot oorlewing te gebruik.** | Blanchie werk onder die dekmantel van modelwerk as prostituut met wit mans as haar kliënte.<br><br>Blanchie werk as prostituut in die ryk woonbuurte in 'n poging om 'n beter lewe vir haarself te probeer verseker. | Bl. 18: *Om geld te maak, geld, geld, geld … Beauty competisions, like, vi' Blanchie … en dan kry sy mos so-called contracts …*"<br><br>Bl. 18: *Massage parlour, lonely hearts, you name it! Daar's mos geld in daai, man, daar by die whiteys se kant …* |
| **Blanchie hanteer negatiewe omstandighede in haar lewe deur afstand te doen van die verhouding wat seergemaak het.** | Blanchie probeer die teleur-stelling in Map, wat in die tronk is, verwerk deur hom te vermy. Deur afstand te skep, probeer sy haarself emosioneel beskerm en 'n nuwe koers vir haar lewe inslaan. | Bl. 11: *Ma … sê tog vir Blanchie wat ek sê …*<br>Bl. 46: *Blanchie? … Hoekó avoid sy vir my …?"* |
| **Blanchie se soeke na identiteit word opsigtelik in die aanvaarding wat sy by die wit mans kry.** | Blanchie voel 'n mate van erkenning wanneer sy deur wit mans bemin word, wat 'n weerspieëling van haar lae selfbeeld is.<br><br>Blanchie se droom om uit die township te kom, verhef haar bo die omstandighede, want sy kies om nie met die gespuis te meng nie. | Bl. 41: *Hy supply haar glo net mooi moet alles wat sy wil hê, klere en alles, geld oek … Sy's stylish deesdae, jong …*<br><br>Bl. 6: *Sy antwoord hom nie, stap verby ...* |
| **Blanchie streef daarna om die negatiewe realiteit van die Kaapse Vlakte te ontsnap deur 'n model-kontrak oorsee te probeer bekom.** | Blanchie het geglo sy gaan 'n modelkontrak kry, maar haar droom om haar omstandighede te verbeter, word uiteindelik gekelder**.** | Bl. 41: *Ek hoor sy gaan glo een van die dae overseas, vir modelling … Paris toe …*<br><br>Bl. 53: *That's no contract, my dear! An' even contracts are cheap! It all depends on whom you're dealing with! Ek het vannie begin af gewiet …* |
| **Blanchie se negatiewe omstandighede bereik 'n hoogtepunt wanneer sy haar pa verantwoordelik hou vir die verbrokkeling van haar drome, wat uiteindelik tot Cavernelis se selfdood lei.** | Blanchie is ontsteld oor die modelkontrak wat sy nie gekry het nie en besef dat haar pa se aksies haar drome belemmer het, wat haar emosioneel tot 'n breekpunt bring.<br><br>Wanneer Cavernelis voor die trein inry, besef Blanchie dat haar beskuldigings haar pa se self-dood veroorsaak het, wat haar skuldgevoelens versterk. | Bl. 55: '*Is alles Daddy se skuld!*<br><br>Bl. 59*: Daddy! … Johnnie … hy word nooit so nie, hy't nog … nooit … nog … so … Johnnie … gekyk nie …* |

| | | |
|---|---|---|
| **Blanchie en Map se versoening bring hoop vir 'n beter toekoms.** | Map se vergifnis en aanvaarding lei daartoe dat sy hom vergewe en hulle versoen raak. | Bl. 60: *Ek het vir jou … ook … ge-vertel … alles … Johnnie …"*<br>*Bl. 60: Hulle hou mekaar styf vás. Soen mekaar hartstogtelik.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

**VRAAG 15: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoorde | Punt |
|---|---|---|
| 15.1 | Kaapse Vlakte/township ✓ | 1 |
| 15.2 | Die leser sou kon dink dat La Guma vir Cavernelis werklik sterkte toewens./hy werklik glo Cavernelis kan sy drome verwesenlik./werklik vir sy medemens/ Cavernelis omgee. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 15.3.1 | Die inwoners van die Kaapse Vlakte kan nie uit hulle omstandighede/fisiese ruimte ontsnap nie./het geen vooruitsigte van ontsnapping nie./se omstandighede sal nooit verander nie. ✓ | 1 |
| 15.3.2 | Nadat Map tronk toe is,/Blanchie vir Map in die tronk besoek het, (het sy besef daar is vir hulle geen toekoms nie). ✓<br>**EN**<br><br>Blanchie kry nie die modelkontrak nie./Cavernelis pleeg selfdood. ✓ | 1<br><br><br>1 |
| 15.4 | (Omdat Cavernelis niks sê/stilbly na La Guma se aanvanklike woorde) probeer La Guma Cavernelis dwing/uitlok tot 'n reaksie deur middel van die retoriese vrae. ✓<br><br>**EN**<br><br>Die toename in emosie word beklemtoon deur die nadruk op/herhaling van die woord "hiérnatoe". ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 15.5 | Die oomblik wanneer die ander karakters uitvind Map Jacobs kom uit die tronk, neem die spanning toe./ontstaan onsekerhede oor hoe Map se vrylating die gemeenskap gaan beïnvloed./of hy werklik bekeer is. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Map was 'n misdadiger/bendeleier/het sy eie suster se dood veroorsaak/was gewelddadig./sy bekering mag 'n manier wees om parool te verkry.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>'n Persoon se verlede bepaal nie of hy/sy gered kan word nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 15.6.1 | 'n kaal vrou/'n kitaar/die vure van die hel/'n mombakkies. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige EEN antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**Ja**<br>Map se tatoeëermerke is kenmerkend van sy aanvanklike soeke na identiteit/sy verlede as misdadiger/bendeleier en sy nuwe self/lewe as bekeerde./wys waar hy was (tronk, bendes) en sy poging om sy verlede agter te laat./<br>Map beskou sy tatoeëermerke as die kaart van sy lewe wat wys waar hy as misdadiger was tot waar hy hom nou as bekeerde bevind. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 15.6.2 | Map se twee name is geslaagd, want (dit roep die dubbele aard van sy persoonlikheid/twee lewenswyses op, naamlik):<br>Johnnie sluit aan by sy onskuldiger self/die skoolseun wat potensiaal getoon het/ Aan die einde van die drama word hy weer Johnnie (die geliefde seun) vir sy ma en Blanchie EN Map verwys na die bendeleier./misdadiger. ✓<br><br>*Die kandidaat verwys na beide name vir EEN punt.* | 1 |
| 15.7 | Cyril/La Guma/Richie/Tommy/Maud ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige EEN antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br>Ja<br>Blanchie het (as prostituut) by Lonely Hearts Massage Parlour gewerk, wat veroorsaak dat Cyril/La Guma/Richie/Tommy haar veroordeel.<br><br>**OF**<br>Nee<br>Cyril/La Guma/Richie/Tommy leen sy ore uit aan skinderstories/veroordeel Blanchie op grond van skinderstories.<br><br>**OF**<br>Maud ✓<br><br>**EN**<br>Ja<br>Maud noem Blanchie 'n jintoe.<br><br>**OF**<br>Nee<br>Maud se veroordeling van Blanchie in die drama spruit uit haar frustrasie/magteloosheid om uit hulle omstandighede te kom eerder as haar afkeur van Blanchie se tipe werk. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 15.8 | Map keer Blanchie wanneer sy negatief oor haarself praat, wat sy opbeurende/opbouende woorde oor Blanchie versterk. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 15.9 | Dit beklemtoon dat hulle nie net slagoffers van hul omstandighede is nie ("gebeur"), maar ook deel het aan hulle verandering ("geword")./beide karakters se onvermoë om hul verval/verbrokkelde verhouding te verstaan./<br>Dit versterk hulle gevoel van moedeloosheid. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 15.10 | Apostel George help Map om te glo dat die Here sy sondes vergewe./hom van sy verlede verlos. ✓<br><br>**EN**<br><br>Apostel George help Map om voor sy ma te bely oor die gebeure van daardie aand./help Antie Grootmeisie om Map te vergewe./te glo dat Map bekeer is. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 15.11 | Map het opdrag gegee om vroue te beroof./toestemming vir verkragting gegee./sy vriend, Ivan Philander vermoor./homself aan die polisie oorgegee./<br>Map is bekeer. ✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige DRIE aspekte vir EEN punt elk aan.*<br><br>**EN**<br><br>Blanchie moes Map vertel dat sy met haar modelwerk as prostituut vir die wit mans opgetree het./'n moontlike aborsie gekry het. ✓ | 3<br><br><br><br>1 |
| 15.12 | Wind: Die stemming is desperaat./nostalgies./moedeloos./ongenaakbaar./ droefgeestig. ✓<br><br>Trein: Die stemming is hartseer./emosioneel intens./'n stemming van verlies./rou. ✓<br><br>**EN**<br><br>Die tou simboliseer die harde/meedoënlose lewe,/die ongenaakbare omstandighede waarin die karakters vasgevang is, wat bydra tot 'n moedelose/hulpelose stemming./die gedagte van die lewe wat aangaan en geen uitkoms bied nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1<br><br><br><br>1 |
| | | **[25]** |

***MIS* – Reza de Wet**

**VRAAG 16: *MIS* – Reza de Wet – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**Mi = Miem**
**Me = Meisie**
**O = ontvlugting**

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| **ARGUMENT** | **MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **MIEM PROBEER UIT HAAR NEGATIEWE OMSTANDIGHEDE ONTVLUG.** | | |
| **In die begin word dit duidelik dat Miem by haar Calvinistiese aard staan deur die matriarg te word wanneer Gabriël kies om homself in die solder toe te sluit. So ontvlug sy die werklikheid van 'n afwesige Gabriël.** | Miem glo dat sy Gabriël se keuse moet eerbiedig en daarom versorg sy hom terwyl hy in die solder bly. | Bl. 5: *(terwyl sy na die tafel beweeg) Ek het vir jou 'n broodjie gebak.* |
| | Miem voer 'n gewone gesprek met Gabriël asof hy by haar teenwoordig is. | Bl. 5: *O ja ... Onthou tog die slopemmer!* |
| | Wanneer Meisie bely dat sy vir haar pa gril, berispe sy haar. Sy moet hom steeds respekteer al het sy hom sewe jaar laas gesien. | Bl. 5: *Skaam jou! Jou eie pa!* |
| | Sy is bewus van Gabriël se gemoedstoestand. Sy dink hy voel die onheil aan as hy heen en weer in die solder stap. | Bl. 5: *(kyk op) Heen en weer. Heen en weer. Sonder ophou.*<br>Bl. 5: *Ek dink hy voel dit aan.* |
| | Sy bekommer haar oor sy gesondheid wanneer hy nies, net soos wat 'n vrou normaalweg in 'n huwelik sou doen. | Bl. 8: *Ek hoop nie hy word siek nie. Laas lente het hy vir 'n maand lank gehoes. Ek bekommer my tog só.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Miem probeer om haar negatiewe omstandighede te ontvlug deur vir Meisie te domineer en manipuleer.** | Sy berispe Meisie wanneer sy nie regop sit nie en sê dat sy nie 'n man gaan kry nie.<br><br>Sy pers Meisie emosioneel af wanneer sy na die sirkusliggies kyk deur te verwys na die keer toe sy sirkus toe uitgeglip het.<br><br>Sy gebruik Meisie om die meeste van die werk in die huis te doen, want haar gesondheid keil haar op.<br><br>Tydens die vertelling van die fratse impliseer sy dat Meisie ondankbaar is. | Bl. 5: *Sit regop! Hoeveel keer moet ek dit nog sê? As jy 'n man wil hê, moet jy let op jou postuur.*<br><br>Bl. 7: *(staan op. Kwaai) Liggies! Jy weet ek het jou verbied!*<br>Bl. 7: *Destyds het jou ongehoorsaamheid my diep gegrief. Jy onthou seker hoe siek ek was. Ek kon vir twee weke net gortsop eet!*<br><br>Bl. 10: *Meisie, neem solank juffrou Gertie se goed kamer toe.*<br>Bl. 14: *Mandjie, Meisie!*<br><br>Bl. 13: *Ek hoop jy onthou dit ook. So mooi en welgeskape maar altyd met 'n lang gesig.* |
| **Miem ontvlug haar eie negatiewe werklikheid deur as Meisie se bewaker op te tree.** | Sy verseker Meisie dat sy veilig is, ten spyte van die dreigende onheil. | Bl. 5: *Maar jy hoef jou nie te kwel nie, my kind. Ek sal die hele nag by jou waak.*<br>Bl. 10: *My arme kind. Maar moet jou nie bekommer nie.* |
| **Miem sou nie in haar negatiewe werklikheid sonder Meisie kon oorleef nie.** | Wanneer Gertie Meisie bewonder dat sy haar ma so fluks help, stem Miem saam.<br><br>Sy erken ook later aan die konstabel dat Meisie alles in die huis doen. | Bl. 14: *Dit is waar. Ek weet nie wat ek sonder haar sou doen nie.*<br><br>Bl. 25: *Soos ek gesê het, Meisie doen alles in die huis.* |
| **Miem ontvlug haar negatiewe werklikheid deur betower te word deur Gertie se vertelling van die fratse.** | Miem is skynheilig en gee voor dat sy ontsteld is oor Gertie se besoek aan die sirkus. Sy word egter ook deur Gertie se vertelling geboei en maak Meisie stil wanneer sy 'n vraag vra. | Bl. 12: *MIEM en MEISIE hou haar roerloos dop ...*<br>*Oe!*<br>*Sssjuut!* |
| **Miem ontvlug haar eie negatiewe werklikheid deur 'n beterweterige en veroordelende houding jeens die ander mense.** | Miem skep die idee dat sy in beheer van haar situasie is deur die veiligheidsmaatreëls vir die aand te noem.<br><br>Miem verwys selfgenoegsaam na die ander ouers wat nie dieselfde voorsorg getref het nie en verlekker haar in hulle moontlike ellende. | Bl. 5: *Al die verstandiges het voorsorg getref. Slotte en grendels. Luike toegespyker.*<br><br>Bl. 8: *En op so 'n aand. Hulle wil mos nie glo nie. Dit sou hulle verdiende loon wees as een van hulle dogters vannag die slagoffer is!* |

| | | |
|---|---|---|
| **Wanneer die konstabel aan die deur klop, ontvlug Miem haar negatiewe werklikheid deur 'n vreemdeling in haar huis in te nooi.** | Die konstabel bied aan Miem die geleentheid om weer met 'n man te praat en 'n man se teenwoordigheid te geniet.<br><br>Hy bied ook gemoedsrus op dié angswekkende nag. | Bl. 15: *Verskoon my tog, Konstabel, maar vannag moet* 'n *mens versigtig wees. (Loer deur die sleutelgat) Dis waar! Hy is 'n konstabel*.<br><br>Bl. 15: *Net 'n oomblik, Konstabel. Ek sukkel 'n bietjie met die slot. (sluit die deur oop) So ja. (Maak die deur oop) Kom gerus binne.* |
| **Wanneer die blinde konstabel die klein huisie binnekom, bied dit aan Miem die geleentheid om heeltemal van haar negatiewe omstandighede te vergeet en op iemand anders se terugslae te fokus.** | Die blinde konstabel oortuig vir Miem dat hy is wie hy sê hy is deur te demonstreer hoe goed sy reukvermoë is en sodoende haar vertroue te wen. | Bl. 16: *Ja ... nou laat ek sien ... laat middeljare. Getroud en kinders gebaar.*<br>*MIEM klap van verbasing haar hand oor haar mond.*<br>Bl. 24: *(staan op en luister aandagtig) 'n Groot dier. Kort snoet. Stomp stert.* |
| **Miem ontvlug haar alleenheid deur 'n fiktiewe voorstelling van hoe Gabriël uit die solder sal kom.** | Miem glo/hoop dat Gabriël sy selfopgelegde ballingskap sal omkeer as Meisie trou, want volgens haar, sal hy self vir Meisie in die kerk wou afgee.<br><br>Miem hemel Meisie op en vertel dat sy goed kan skoonmaak, kos kook, baie mooi is en mooi lang hare het. Sy bied selfs aan dat die konstabel daaraan kan raak.<br><br>Miem moedig die konstabel aan om Meisie te leer ken. In haar ophemeling van Meisie raak sy byna banaal deur te skimp dat sy goed sal kan baar, met die hoop dat die konstabel sal wil kinders hê.<br><br>Miem dwing feitlik vir Gertie om saam met haar kamer toe te gaan sodat hulle haar bed kan opmaak en Meisie en Konstabel alleen kan wees. Sy moedig die konstabel aan om met Meisie te praat.<br><br>Miem is so gretig dat Konstabel van Meisie sal hou dat sy sy versoek om haar met sy hande te voel in 'n poging om haar te "sien" toestaan. | Bl. 40: *(Kyk uit. Dromerig) As sy trou, sal hy afkom. Hy sal net moet. Hy sal beskaamd wees as sy dogter weggegee word deur 'n ander man.*<br><br>Bl. 25*: Na die Depressie kon ons nie 'n huishulp bekostig nie ... 'n Mooi gesiggie is belangriker as deugde. Maar dié het sy ook. So mooi soos 'n engel. ... Ek wens u kon haar sien, Konstabel. 'n Fees vir die oog.*<br><br>*Bl. 25: Sy is fyn en viets. (Suggestief) Maar haar heupe is tog breed genoeg.*<br><br>Bl. 25: Sy is 'n bietjie ingetoë, maar as jy haar aanmoedig, kruip sy uit haar dop.<br><br>Bl. 37: *Ek sou baie graag die jong dame wou sien.*<br>*... Meisie, sê vir die konstabel dit sal 'n plesier wees.* |

| | | |
|---|---|---|
| | Miem stuur vir Meisie buitentoe met die slopemmer en is baie bly as Konstabel aanbied om saam te gaan. Dit bied weer 'n geleentheid vir hulle twee om alleen te gesels.<br><br>Miem droom dat, indien Meisie trou, Gabriël na sewe jaar wel van die solder sal afkom om sy dogter voor die preekstoel weg te gee. | Bl. 40: Daar's niks mee verkeerd nie. Hy is 'n gawe jong man ...<br>... As sy trou, sal hy afkom.<br><br>Bl. 24: *Werklik? U bedoel ... u is nie getroud nie?*<br>Bl. 40: *As sy trou, sal hy afkom. Hy sal net moet. Hy sal beskaamd wees as sy dogter weggegee word deur 'n ander man.* |
| **Die konstabel se teenwoordigheid bied aan Miem die geleentheid om haar teorie oor die meisies se verdwynings met hom te deel.** | Miem vergeet van haar negatiewe werklikheid wanneer sy die kans gegun word om met 'n oningeligte persoon haar opinie oor die meisies se verdwynings te deel. | Bl. 18: *(opgewonde) Nou ek kan u alles vertel. Dit het twee jaar gelede begin. Meisie!* |
| **Miem ontvlug in haar alleengesprek met Konstabel van haar negatiewe werklikheid toe sy bely dat sy baie na die nabyheid van 'n man verlang.** | Miem vertel aan die konstabel dat sy na die nabyheid van 'n man verlang en dat dit vir haar moeilik is om so sonder 'n man te bly. | Bl. 48: *Ek moet erken, Konstabel ... om 'n man hier te sien ... die tyd van die nag ... wel ... dit maak weer dinge in my wakker.* |
| **Miem raak aangedaan wanneer Konstabel haar groet toe sy gaan slaap nadat sy vir hom 'n kombers gebring het.** | Miem raak emosioneel wanneer die konstabel vir haar nagsê. In daardie oomblik kon sy van haar negatiewe werklikheid ontsnap en onthou het hoe dit gevoel het toe Gabriël vir haar naggesê het.<br><br>Sy ontsnap van haar negatiewe werklikheid deur aan die konstabel te vertel watter behoeftes sy het as 'n man haar groet.<br><br>Sy raak vry van haar negatiewe werklikheid toe sy vir die konstabel vertel hoe hulle lewe voor die Groot Depressie was.<br><br>Sy deel haar droom met hom oor Meisie se troudag en Gabriël wat afkom en saam met Meisie na die preekstoel toe stap | Bl. 47: *MIEM huil skielik en sak op 'n stoel by die tafel neer.*<br><br>Bl. 47: *Dit is so lank laas ... lank laas ... dat 'n man vir my goeienag gesê het. (Huil)*<br><br>Bl. 48: *Laatmiddag het ons altyd gaan stap.*<br><br>Bl. 48: *Stadig, stadig loop hulle na die preekstoel terwyl die orrel speel.* |

| **MEISIE PROBEER UIT HAAR NEGATIEWE OMSTANDIGHEDE ONTVLUG.** | | |
|---|---|---|
| **Meisie ontvlug haar negatiewe omstandighede deur in opstand te kom teen haar ma se gesag.** | Sy help vir Miem met die sakke waarin die mis verpak moet word, maar weier om 'n vingerhoed te dra, ten spyte van die feit dat sy haar telkens raaksteek.<br><br>Meisie loer by die venster uit na die sirkusliggies in 'n poging om vir 'n oomblik uit haar negatiewe omstandighede te ontsnap. | Bl. 4: *Eina! (Suig haar vinger) Jy wil mos nie 'n vingerhoed gebruik nie.*<br>Bl. 13: *Eina! (Suig haar vinger) Wil mos nie 'n vingerhoed dra nie!*<br><br>Bl. 7: *(sien skielik dat MEISIE by die venster uitloer) En vir wat loer jy deur die gordyne!* |
| **Meisie gril vir haar pa se benerige wit hand en dit is duidelik dat sy geen verhouding met haar pa het nie.** | Meisie bedien haar pa in opdrag van haar ma. Sy het geen verhouding met haar pa nie.<br><br>Wanneer Miem haar kommer uitspreek oor Gabriël se onrustigheid asook sy gesondheid, stem Meisie belangeloos saam. | Bl. 5: *(sag en kwaai) Skaam jou! Jou eie pa!*<br><br>Bl. 5: *Ek dink hy voel dit aan. Die onheil. As vannag tog net verby wil gaan. Al die verstandiges het voorsorg getref. Slotte en grendels. Luike toegespyker. Maar jy hoef jou nie te kwel nie, my kind. Ek sal die hele nag by jou waak.*<br>*Ja Ma.* |
| **Meisie luister gretig na Gertie se vertelling van die fratse, wat 'n oomblik van bevryding bied.** | Meisie luister na Gertie se vertelling van die fratse by die sirkus en ontsnap van haar negatiewe werklikheid na die eksotiese sirkus. | Bl. 12: *MIEM en MEISIE hou haar roerloos dop.* |
| **Meisie staan verwonderd oor die konstabel se vermoë om hulle ouderdomme te kan ruik en ontvlug so van haar negatiewe werklikheid.** | Die konstabel oortuig die ouer vroue en Meisie dat hy hulle ouderdomme kan ruik ten einde hulle te oortuig dat sy goeie reukvermoë opmaak vir sy blindheid.<br><br>Wanneer die konstabel noem dat sy ander sintuie ook goed ontwikkel is en dat hy weet dit is volmaan, is Meisie naïef en neem aan dat hy sy reukvermoë ook daarvoor gebruik. | Bl. 16: *Sê vir my, Konstabel, hoe weet u dit?*<br><br>Bl. 17: *(verwonderd) Kan 'n mens die maan dan ruik?* |

| | | |
|---|---|---|
| **Meisie ontvlug uit haar negatiewe werklikheid in Konstabel se teenwoordigheid.** | Meisie word deur die konstabel aangemoedig om haar volle name vir hom te sê. Hierdeur ontsnap sy van niksseggende "Meisie" en word Margareta Johanna, 'n meisie met haar eie wil. | Bl. 28: *Johanna (Lag skaam. Staan op en beweeg na die venster terwyl sy sing-praat) Margareta, Johanna, Margareta, Johanna, Margareta, Johanna. (Laggie. Trek die gordyne opsy en loer deur)* |
| | Sy vertel vir die konstabel van die aand wat sy na die sirkus toe gegaan het en herleef so die oomblik toe sy van haar negatiewe werklikheid kon ontsnap. | Bl. 29: *Een jaar was die sirkus hier soos nou.* |
| | Wanneer Meisie vir die konstabel vertel dat sy sirkus toe was, herleef sy in haar vertelling die gevoel van vryheid. | Bl. 29: *Hy haal sy mantel af en maak die deksel oop. (Oorstelp van vreugde) Die meisie spring uit en alles is reg, sy's weer heel!*<br>Bl. 29: *Die man maak 'n kou oop en die voëls vlieg uit. Alle soorte met baie kleure. Hulle hang in die lug bokant haar.* |
| | Teen Miem se sin gee Miem toestemming dat die konstabel met sy vingers oor Meisie se gesig kan voel om te "sien" hoe sy lyk. Meisie vind egter dié aanraking as 'n oomblik om uit haar omstandighede te ontsnap. | Bl. 38: *MIEM en GERTIE hou die KONSTABEL en MEISIE roerloos dop. MEISIE kniel stadig. Die KONSTABEL steek sy hand uit en streel oor haar hare. MEISIE maak haar oë toe en gooi haar kop effens agteroor.* |
| | Wanneer Meisie en Konstabel uitgaan om die slopemmer uit te gooi, kry Meisie weer 'n geleentheid om alleen saam met die konstabel te wees en weer eens in sy geselskap van haar negatiewe werklikheid te ontsnap. | Bl. 39: *(byna teer) Ja. Onder die perskeboom. Hulle praat met mekaar.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Meisie kom haar afspraak met die konstabel na sodat sy bevry kan word van haar negatiewe werklikheid.** | Meisie kom kombuis toe nadat sy gehoor het dat Miem en Gertie gaan slaap het. Sy dra die klere wat Konstabel haar gevra het om te dra. | Bl. 50: *MEISIE verskyn in die gangdeur. Sy is kaalvoet en dra haar wit aannemingsrok.* |
| | Sy bied aanvanklik teëstand teen die opgewonde gedagte om vry te raak/te ontsnap uit haar negatiewe werklikheid. | Bl. 51: *(stadig, byna asof sy aan die slaap raak) Asseblief ... Maak toe die venster ... Asseblief ... Maak toe die deur.* |
| | Ten slotte neem Meisie die besluit om uit die negatiewe werklikheid te ontsnap. | Bl. 51 en 52: *Sy dans na die agterdeur. Voordat sy oor die drumpel dans, staan sy stil en kyk om na die KONSTABEL. Hy maak 'n effense buiginkie en wys haar met 'n sjarmante handgebaar by die deur uit.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

**VRAAG 17: *MIS* – Reza de Wet – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 17.1 | Die solder (waar Gabriël al sewe jaar lank bly) ✓ | 1 |
| 17.2 | Ja<br>Die neweteks is geslaagd, want dit hef die spanning in Miem se woorde uit./versterk die gedagte/stemming van onheil. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 17.3.1 | 31 Augustus 1936 ✓ | 1 |
| 17.3.2 | Sy skep die idee van 'n sorgsame ma wat haar kind eerste stel. ✓<br><br>**EN**<br><br>In teenstelling met haar vroeëre belofte aan Meisie, nooi sy 'n vreemde man, die konstabel, in die huis in sonder om twee keer te dink.✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 17.4 | Meisie se naam is geslaagd omdat dit juis haar identiteitloosheid/onbelangrikheid binne hulle gesinsopset beklemtoon./uitlig. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Deurdat Konstabel vir Meisie haar regte naam (Margareta Johanna) vra/op haar regte naam noem/haar regte naam komplimenteer, verkry Meisie 'n gevoel van eiewaarde./begin sy hom vertrou. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br><br><br>1 |
| 17.5 | Ja, dit is geslaagd.<br><br>Die teks gee/beskryf die agtergrond, waarin Miem en Meisie hulle bevind./<br>Die tyd/ruimte/dreigende onheil word blootgelê./<br>Die kyker/leser leer hier vir Meisie en Miem as hoofkarakters ken./<br>In die teks word Miem en Meisie gekarakteriseer./se verhouding ontbloot. ✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige DRIE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 3 |
| 17.6 | Miem probeer om die konstabel se aandag op Meisie te fokus./Konstabel onder die indruk van Meisie se skoonheid te bring (omdat hy blind is)./Gabriël uit die solder kry. ✓ | 1 |
| 17.7 | Die titel verwys na die dieremis wat in dié sakke verkoop word. ✓<br><br>**EN**<br><br>Miem en Meisie leef in armoedige lewensomstandighede en moet sakke vol mis as bron van inkomste verkoop. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| | **EN**<br><br>In die slot van die drama is dit duidelik dat die vrouens/Meisie die konstabel se motiewe vir die besoek misverstaan./dat Konstabel die vrouens mislei./<br>In die afloop van die drama dans Meisie by die agterdeur uit en word ook een van die vermiste meisies./Miem gaan Meisie na die afloop van die drama mis./<br>Mistigheid buite ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 17.8 | Die sak van die slopemmer se doel is om weer die fokus op die tema van bevryding te plaas deurdat Meisie nou hierdie walglike taak sal moet doen om die slopemmer uit te gooi./die fokus op Meisie se mislike bestaan te plaas./die gedagte dat die vroue deur Gabriël se teenwoordigheid gevange gehou word. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>**EN**<br><br>Omdat die konstabel vir Meisie help om die slopemmer buitentoe te dra, is hulle alleen buite./kan hy met haar 'n afspraak vir laataand maak./haar vra om haar aannemingsrok aan te trek/kaalvoet te kom vir dié afspraak. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br>2 |
| 17.9.1 | 'n Mens sou verwag dat Meisie, wat heeltyd (teen haar ma se voorskrifte in) na die sirkusliggies loer, bly sou wees om die sirkusmusiek te hoor, MAAR nou wil sy deur te gesels die musiek uitdoof./blokkeer. ✓<br><br>*Die kandidaat moet beide kante van die ironie aandui.*<br>**EN**<br><br>Meisie probeer aan Miem die indruk skep dat sy gehoorsaam is./teen die sirkusmusiek gekant is./Miem se waarskuwing oor die sirkus ter harte geneem het. ✓ | 1<br><br><br>1 |
| 17.9.2 | Konstabel word Meisie se **bewonderaar** deur haar oor haar naam/uiterlike te komplimenteer./<br>Konstabel word Meisie se **vertroueling** as hy sê dat hy ook van die sirkus hou./nie vir haar ma sal vertel nie./<br>Konstabel word Meisie se verleier deur haar aan te moedig om teen haar ma se reëls in opstand te kom. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Konstabel komplimenteer Meisie oor haar name./gee haar eiewaarde./<br>Konstabel lok haar uit om die sirkus te praat./<br>Konstabel oorreed haar om hom skelm te ontmoet as haar ma en Gertie gaan slaap.✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 17.10 | Miem besef dat hulle 'n goeie inkomste kan genereer en is daarom baie vriendelik met Meisie./nie gespanne nie./Sy probeer Meisie vlei en so positief hou oor die werk wat gedoen moet word. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Die woord "tog" versag Miem se bevel./skep die idee van 'n hoflike versoek.✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Gewoonlik is die toon kortaf en bevelend./dominerend. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1<br><br>1 |
| | | **[25]** |

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

**AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: POËSIE [10 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD** | **5–6** | **4** | **3** | **2** | **0–1** |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>6 PUNTE | Diepgaande interpretasie van onderwerp | Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer | Redelike interpretasie van die onderwerp | Onbevredigende interpretasie van die onderwerp | Geen begrip van die onderwerp nie |
| | Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is | Respons redelik gedetailleerd<br>Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie | Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie | Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie | Geen verwysing na die gedig nie |
| | Uitstekende begrip van die genre en gedig | Begrip van genre en gedig duidelik | Basiese begrip van genre en gedig | Onvoldoende begrip van genre en gedig | Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie |
| **STRUKTUUR & TAAL** | **4** | **3** | **2** | **1** | **0–1** |
| Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>4 PUNTE | Samehangende struktuur | Duidelike struktuur en logiese vloei van argument | Enkele bewyse van struktuur | Struktuur toon tekens van swak beplanning | Struktuur swak |
| | Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling | Vloei van argumente kan gevolg word | 'n Goed gestruktureerde logiese vloei en same hang ontbreek in die opstel | Argumente nie logies gerangskik nie | |
| | Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek | Taalgebruik, grootliks korrek | Geringe taalfoute | Taalfoute beduidend | Ernstige taalfoute |
| | Grammatika, spelling en punktuasie feitlik foutvry | Toon en styl is grootliks korrek | Toon en styl meestal gepas | Toon en styl nie geskik nie | Foutiewe styl |

**AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA [25 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD** | **12–15** | **9–11** | **6–8** | **4–5** | **0–3** |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>15 PUNTE | Diepgaande interpretasie van onderwerp | Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer | Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie | Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie | Geen begrip van die onderwerp nie |
| | Uitsonderlike respons: 14–15<br>Uitstekende respons: 12–13 | Respons redelik gedetailleerd | Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp | Min punte wat die onderwerp ondersteun | Swak poging om die vraag te beantwoord |
| | Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die roman/drama gerugsteun is | Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie | Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie | Baie min relevante argumente | Argumente oortuig nie |
| | Uitstekende begrip van die genre en teks | Begrip van genre en teks duidelik | Basiese begrip van genre en teks | Weinig begrip van genre en teks | Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie |
| **STRUKTUUR & TAAL** | **8–10** | **6–7** | **4–5** | **2–3** | **0–1** |
| Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>10 PUNTE | Samehangende struktuur | Duidelike struktuur | Enkele bewyse van struktuur | Struktuur toon tekens van swak beplanning | Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente |
| | Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling | Logiese vloei van argument | Logika en samehang is duidelik, maar met foute | Argumente nie logies gerangskik nie | Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk |
| | Uitstekende inleiding en Slot | Inleiding, slot en ander paragrawe samehang-end georganiseer | Paragrafering meestal korrek | Paragrafering foutief | Paragrafering foutief |
| | Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek | Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas | Taalfoute beduidend<br>Toon en styl nie geskik nie | Styl en toon nie geskik nie |
| **PUNTE VERSPREIDING** | **20–25** | **15–19** | **10–14** | **5–9** | **0–4** |

Kopiereg voorbehou